

**UITNODIGING TOT KOMMENTAAR RAKENDE  
SKRIF- EN BELYDENISGETROUHEID  
IN TEOLOGIESE OPLEIDING**

**Van: Ferdie Mulder (Meestersgraad NG teologie student by Tukkies)**  
**Aan: Die Kuratorium, NGK Transvaal; en alle NG predikante,  
Kerkrade en lidmate**

## INDEKS

<b>1. PERSOONLIK .....</b>	<b>4</b>
<b>2. KOMMENTAAR .....</b>	<b>4</b>
<b>2.1. INLEIDING .....</b>	<b>4</b>
<b>2.2. PROF. JULIAN MÜLLER .....</b>	<b>4</b>
<b>2.2.1. Liggaamlike opstanding van Jesus Christus .....</b>	<b>4</b>
<b>2.2.2. Opstandingskrag .....</b>	<b>5</b>
<b>2.2.3. Sekerheid en waarheid .....</b>	<b>5</b>
<b>2.2.4. Misterie .....</b>	<b>6</b>
<b>2.2.5. Ongeloof? .....</b>	<b>7</b>
<b>2.2.6. Die uniekheid van Jesus Christus .....</b>	<b>8</b>
<b>2.2.7. Ware godsdienst .....</b>	<b>8</b>
<b>2.2.8. Geloofstaal .....</b>	<b>9</b>
<b>2.3. PROF. JURIE LE ROUX .....</b>	<b>9</b>
<b>2.3.1. Artikel oor Prof. Andries van Aarde .....</b>	<b>9</b>
<b>2.3.2. Beskrywing van Prof. Pieter Craffert .....</b>	<b>10</b>
<b>2.3.3. Gesprek met Prof. Le Roux .....</b>	<b>10</b>
<b>2.3.4. Prof. Johan Heyns verskil met Prof. Le Roux .....</b>	<b>10</b>
<b>2.4. PROF. DIRK HUMAN .....</b>	<b>11</b>
<b>2.4.1. Inleidend .....</b>	<b>11</b>
<b>2.4.2. Mites .....</b>	<b>12</b>
<b>2.4.3. "Jona mite" - "Jesus mite"? .....</b>	<b>12</b>
<b>2.4.4. Prof. Gert Jordaan se standpunt .....</b>	<b>13</b>
<b>2.5. HERVORMDE DOSENTE .....</b>	<b>13</b>
<b>2.6. KURATORIUM PREDIKANTE .....</b>	<b>13</b>
<b>2.6.1. Dr. James Kirkpatrick .....</b>	<b>13</b>
<b>2.6.1.1. Gesprek met Dr. Kirckpatrick .....</b>	<b>15</b>
<b>2.6.2. Dr. Andre van Niekerk .....</b>	<b>16</b>
<b>2.7. VERDERE STANDPUNTE RONDOM BOGENOEMDE .....</b>	<b>16</b>
<b>2.7.1. Kritiek vanaf Prof. Johan van Rensburg .....</b>	<b>16</b>
<b>2.7.2. Vrae oor die toekenning van die Andrew Murray prys .....</b>	<b>17</b>
<b>2.7.3. Anonieme Student .....</b>	<b>17</b>
<b>2.7.4. Prof. Jan du Rand .....</b>	<b>17</b>
<b>2.7.5. Prof. Jan van der Watt et al .....</b>	<b>18</b>
<b>2.7.6. Kuratorium vertoue? .....</b>	<b>18</b>
<b>3. GEVOLGE VIR STUDENTE .....</b>	<b>18</b>
<b>3.1. INLEIDING .....</b>	<b>18</b>
<b>3.1.1. Sakbybeltjie weggegooi .....</b>	<b>18</b>
<b>3.1.2. Doktorale proefskrif .....</b>	<b>19</b>
<b>3.1.3. Bybelkunde student .....</b>	<b>19</b>
<b>3.1.4. Trane van smart .....</b>	<b>19</b>
<b>3.1.5. Huil saam .....</b>	<b>19</b>
<b>3.1.6. Selfmoord? .....</b>	<b>19</b>
<b>3.1.7. Prof. Jurie le Roux se perspektief .....</b>	<b>19</b>
<b>3.2. ERNS MET STUDIES .....</b>	<b>20</b>
<b>3.3. EK ONTDEK DIE VERHAAL VAN PROF. ETA LINNEMAN .....</b>	<b>21</b>
<b>4. DIE VERLOOP VAN DIE AFGELOPE PAAR JAAR .....</b>	<b>21</b>
<b>4.1. VERKLARING 3: "Persverklaring rakende 'dwaalleer-brief' van mnr. Ferdie Mulder" ..</b>	<b>21</b>
<b>4.2. GESPREKKЕ, BRIEWE EN KLAGTES .....</b>	<b>22</b>
<b>4.3. PROF. SAKKIE SPANGENBERG EN ANDER .....</b>	<b>32</b>
<b>4.4. PLEGTIGE LEGITIMASIE-VERKLARING VAN DIE NG KERK .....</b>	<b>32</b>
<b>4.5. "LEERTUG" werk nie? .....</b>	<b>33</b>
<b>4.6. STUDENTE MISLEI .....</b>	<b>34</b>
<b>4.6.1. Inleiding .....</b>	<b>34</b>

4.6.2.	<u>Die “Verklaring”</u>	34
4.6.3.	<u>Ondertekening</u>	35
<b>5.</b>	<b>SLOT</b>	<b>37</b>
5.1.	<u>AANKLAG</u>	37

## 1. PERSOONLIK

Ek is 'n 32 jarige student aan die Universiteit van Pretoria. Voordat ek in 2001 met my teologiese studies begin het, het ek my eie besigheid bedryf. Die roeping van die Here het my getrek totdat ek dit nie meer kon weerstaan nie. Tans is ek in my vyfde jaar. Ek is getroud en ons het 'n tweejarige dogtertjie. Sedert 1981 is ek in Pretoria woonagtig.

Ek het my studies die afgelope vyf jaar met groot ywer en entoesiasme onderneem. Ek het gereeld baie ekstra byleeswerk gedoen, ekstra lesings en seminare bygewoon. Ek geniet die teologie ontsettend! Ek sou graag lewenslank met die teologie wil besig wees!

## 2. KOMMENTAAR

### 2.1. INLEIDING

Die kuratorium gee aan NG lidmate, predikante en studente die geleentheid om te reageer op persverklarings die afgelope maande deur die kuratoria, Prof. Cas Vos, en Proff. Dirk Human, Jurie le Roux en Julian Müller. Van hierdie geleentheid wil ek graag gebruik maak. Ek as persoon is deur sekere professore beskuldig. Kommentaar word gelewer op grond van persoonlike gesprekke, onderhoude en geskrifte in die hand na aanleiding van uittreksels uit persverklarings wat gemaak is. Kommentaar word in **bold** aangedui na die betrokke aanhalings wat in *italic* weergegee word:

### 2.2. PROF. JULIAN MÜLLER

#### 2.2.1. Liggaamlike opstanding van Jesus Christus

a. Tydens Oop Gesprek (RSG) op 29 Mei 2005, het ds George Nel die volgende aan Prof. Julian Müller gevra: “*Julian, het Jesus liggaamlik opgestaan, en beteken dit dat die graf leeg is? Sy antwoord was: “.. ek het vanoggend 'n erediens bygewoon soos wat ek elke ooggend 'n erediens bywoon op 'n Sondag. En met groot vrymoedigheid sê ek met die gemeente saam die Apostolicum, want dit is wat ek glo ... dit beteken nie dat daar nie ruimte vir herinterpretasie is nie.”*

**Kommentaar: Wat is Prof. Julian se herinterpretasie dan?**

b. Tydens 'n openbare lesing op die 28ste Julie 2005 by Tukkies, het ek die volgende vraag aan Prof. Julian Müller gevra:

*“Ek wil net vra Prof. as mens die vraag mag vra, glo Prof dat Christus liggaamlik opgestaan het, want die idee wat ek gekry het in van u werk oor 'n klomp jare, en na baie gesprekke ook met u op 'n stadium en ander is dat daar die voorsiening gemaak word dat dit nie liggaamlik gebeur het nie. En dat ons dit nou metafories en anders kan verstaan. Dat daar 'n akkomodasie moet wees en die uitsluiting dat dit liggaamlik was?”*

Prof. Müller se antwoord:

*“Ek dink die vraag lê in dieselfde lyn as die aanvanklike dokument wat ook al die moeilikheid veroorsaak het. Waarom? Omdat dit meer inlees in die bewoording wat ons in die Kategismus kry, en in my eie bewoordinge, in dat wanneer daar nie klem gelê word op die fisiese nie, die afleiding gemaak word dat jy dan nie glo nie .. en ek wil daarteen beswaar maak, ek dink nie mens moet enige iemand se uitsprake of se woorde so lees, dat jy goed inlees daarin, omdat jy nie hierdie goed beklemtoon nie, ontken jy dit. Ek gaan uit van die standpunt dat Jesus geleef het, gekruisig is, gesterf het, begrawe is, opgestaan het, en opgevaar het na die hemel. Daardie basiese goed, daardie heilsgebeure is die basis van ons totale geloof. Alles wat ons formuleer oor*

*kruisiging, opstanding, hemelvaart, oor elke ding van Jesus rus daarop. En daar is geen rede en ek het ook geen behoefte daaraan, om enige van daai gebeure te bevraagteken of te ontken nie. Ek vind myself nie tuis in groeperinge aan wie mens name kan gee, wat daarop uit is om dit te probeer doen, om so te dekonstrueer aan tekste dat uiteindelik, dat hierdie basis van ons geloof uiteindelik ondergrawe word. Dis .. vanselfsprekend, uitgangspunt, vertrekpunt .. en op grond daarvan formuleer ons ons geloofskonstrukte, en gaan ons aan. Dis wat ek vanmore probeer sê het.”*

Ferdie:

*“Prof, as ek net kan byvoeg, ek weet nie of almal bewus is daarvan nie, die afgelope vyf jaar, hoeveel gesprekke daar was met kuratorium, met predikante en dosente en dat daar selfs geleenthede afgestel was omdat hulle gesê het maar hul boikot die geleenthede. En ek wil net vra, ek hoor wat u sê, maar ek wil vir u vra, die artikels het die indruk geskep dat dit ‘n metafoor kan wees. Ek wil vir u vra, glo u dat Jesus liggaamlik opgestaan het? Dit is wat ek probeer vra het.”*

Dr. Flip du Toit:

*“Skuus Ferdie, laat ek net in alle billikhed sê, jy kom met ‘n klomp sweeping statements oor gesprekke wat nie hier op die tafel is nie. As jy nou nog nie verstaan wat Prof. Müller probeer sê het nie, dat dit die standpunt is, en dat hy dit aanvaar nie, dan weet ek nie watse Afrikaans moet ‘n ou gebruik, om dit te verduidelik nie” (28/07/2005. Openbare lesing. Universiteit van Pretoria. Teologie gebou 2-10, 10h30-11h20)*

**Kommentaar: Ek verlang net ‘n “ja” of “nee” antwoord oor Jesus se liggaamlike opstanding.**

### **2.2.2. Opstandingskrag**

**Kommentaar:**

So dit maak per definisie nie saak in watse opstanding jy glo nie. Solank jy net sê die opstanding is die waarheid. Dus kan Jesus se opstanding nou mities, metafories, simbolies ensomeer wees. Dit is tog nie wat die Bybel leer nie. Wat jy glo oor die opstanding is krities belangrik! Bultman, Crossan, Borg, Spangenberg, Craffert, Wolmarans glo *almal* in die opstandingskrag van Jesus se opstanding. Die vraag is wat bedoel hul daarmee? Die vraag is, wat bedoel Prof. Julian Müller daarmee? Hy praat die heel tyd van dat ons moet leef vanuit die opstandingskrag, maar dit antwoord nie die vraag nie. Na die gesprek het ‘n student na my gekom en gesê: “Hoekom antwoord Prof. Julian nie net ja of nee nie?” Ook het ‘n ander student die volgende aan my gestuur:

*“Prof. Müller het nooit erken dat hy in die *ligaamlike* opstanding van Jesus glo nie. Hy het dit soos die dood vermy. Hy het vertel hoekom hy glo maar nooit waarin hy glo nie. Dit is vir my hartseer dat hy nie een keer na die Bybel verwys het nie. Hy het die Heidelbergse Kategismes aangehaal soos wat ons behoort om die Bybel aan te haal.”*

In Prof. Müller se laaste antwoord meen hy dat: “...Ons moet ooreenkoms met mekaar dat daar sekere uitgangspunte is wat vir ons ononderhandelbaar is. Dit is die geloofsuitgangspunt. Maar dan gaan die teologie aan om te bevraagteken, te soek, te wonder, krities na te dink ensovoorts. Ja, mens sou kon sê dis twee vlakke, die een is nie beter as die ander nie, die een is nie hoër as die ander nie. Maar dis ‘n ander genre, ander omgang wat ons hier het met geloof as wat ons *almal* in ons kerk en in ons persoonlike geloof het ... dit verskil van mekaar, dit is so” (28/07/2005. Openbare lesing. Universiteit van Pretoria. Teologie gebou 2-10, 10h30-11h20).

**Kommentaar: Kan ons teologie en dit wat ons glo verskil?**

### **2.2.3. Sekerheid en waarheid**

#### Kommentaar:

Merk op dat Prof. Müller die heeltyd “liggaamlike opstanding” vermy het. Herhinner dit nie aan die vader van die filosofiese hermeneutiek, Friedrich Schleiermacher nie?

Prof. Andries van Aarde (Hervormde dosent) sê die volgende oor Schleiermacher: “Verstaan vorm deel van ons eindige kennis wat nooit oor absolute nie maar slegs oor relatiewe sekerheid beskik.” (Van Aarde AG 2004. STUDIEMATERIAAL (OTW [BTh] 451. INTERDISSIPPLINÉRE MODULE: TEOLOGIESE HERMENEUTIEK. Universiteit van Pretoria. P 22)

#### Kommentaar:

Dus is die inhoud van ook die opstanding altyd voorlopig, en daarom mag dit ook metafories nou wees? Die enigste ding wat staan is die opstanding, ‘n subjektiewe onverwoordbare konstruk. Die inhoud daarvan word ingekleur deur wetenskaplike studie. Om dus te sê Jesus het liggaamlik opgestaan is ‘n konstruk, met ‘nwoordjie by wat nie noodwendig waar is nie. Anders sou Prof. Müller tog maklik gesê het dat hy glo Christus het liggaamlik opgestaan. Om nou die Heidelbergse Kategismus (soos hy doen) te neem as verskoning waarom jy nie wil sê dit het liggaamlik gebeur nie, is tog ‘n heeltemal onbillike misbruik van die kategismus. Volgens Prof. Müller se manier van redeneer, glo ek word Christus se opstanding ontnem van die inherente betekenis wat dit nog altyd vir miljoene Christene oor eeue beteken het. Ek glo ook dat die betekenis wat God self daaraan gegee het, skade lei. Na RSG se “Oop Gesprek” van 29 Mei, waarin ds George Nel aan Prof. Müller gevra het of hy in die liggaamlike opstanding van Jesus glo, kon hy ook nie duidelik antwoord nie. Verskeie predikante waaronder ook erkende teoloë het met my saamgestem dat hy nie die vraag geantwoord het nie.

#### 2.2.4. Mysterie

##### Kommentaar:

Natuurlik is dit waar dat daar ‘n mysterie in Christus se opstanding is. Maar die Skrif is tog daaroor duidelik dat Christus na sy opstanding, liggaamlik en fisies teenwoordig was. Die grafverhale bevestig dit tog ook. Hy het ook saam met die dissipels brood gebreek, en vis geëet. En Thomas het fisies aan hom gevat. Hieruit is ‘n liggaamlike opstanding tog duidelik?

Dit is nou tensy mens vir Walter Kasper wil glo (wat Prof. Johan Buitendag [Hervormde dosent] aan ons voorskryf - Kasper, ‘n Rooms-Katolieke, meen dat die grafverhale en natuurwonders van Jesus nie geglo kan word nie (Kasper W 1976. Jesus the Christ. Burns & Oates Limited. London p89-99;124-162). Prof. Buitendag was baie ingenome met Kasper.

##### Kommentaar:

Hoekom wil Prof. Müller nie sê dat hy in die liggaamlike opstanding glo nie? Hou dit nie verband met sy teologiese konstruk van die sogenaamde pre-moderne, drie vlak wêreldebeeld, waarin chaosmagte, en die bonatuurlike die Bybel omsluit nie?

Prof. Müller sê byvoorbeeld “Met die Goddelike ruimte buite die menslike ruimte, was daar onbeperkte moontlikhede van wat alles kon gebeur. As daar ‘n besoek van Bo was, was daar weerligte en aardbewings en letterlik enigets was moontlik. Intussen is natuurwette ontdek. Laat ons geen illusies daaroor hê nie. Daar is ‘n klomp goed wat volgens die Bybelse verhale gebeur het, wat binne die wêreldebeeld van daardie tyd moontlik was, maar net nie op dieselfde manier moontlik is binne ons wêreldebeeld nie.” (Müller J 2002. Mark in ruimte en debat oor Jesus. Godsdiens-aktueel. Beeld 29/04/2002)

Prof. Müller het tog al verskeie kere in die sekulêre media gesê dat die volgende dinge of goed nie regtig bestaan of sou gebeur het nie: Satan en die bose, wondergenesings, natuurwonders, en dat Jesus nie bose geeste uit mense gedryf het nie.

Een so ‘n voorbeeld is dalk sy positiewe artikel oor die Nuwe Hervorming waarin hy meen dat: “Dinge soos die vasstelling van die kanon, die goddelike natuur van Jesus, die bestaan van die duivel, die onwetenskaplike aansprake oor wonders en natuurverskynsels, ensovoorts .. Dit lyk asof die NH die twyfelvrae van denkende mense ernstig wil opneem. My indruk is dat dit nie ‘n poging is om mense se geloof te ondergrawe nie, maar wel ‘n poging om spiritualiteit wat

*inherent teenstrydig en oneerlik is, te dekonstrueer . Die Kerk en die NH behoort mekaar nie te beveg nie, maar saam te soek na nuwe uitingsvorme van 'n spiritualiteit wat pas in die postmoderne tyd."* (Muller J 2003. Die Nuwe Hervorming en Spiritualiteit. 03/02/2003 Referaat gelewer by Teologiese Dag, opening van Fakulteit, Pretoria)

**Kommentaar:**

**Is Prof. Muller se positiewe indrukke hierbo van die NH die rede waarom hy in 2003, teologie studente op die Nuwe Hervorming se werk laat mediteer het? Hierdie meditasie was 'n daglank se isolasie op 'n "retreat" waar elkeen alleen vir 'n paar ure in die bos moes gaan stil word en dit indrink dat Jesus nie opgestaan het nie, dat Hy nie maagdelik gebore is nie, ensomeer.**

In aansluiting hierby is dit dalk tog relevant om Prof. Müller se reaksie op professor Sakkie Spangenberg ('n Nuwe Hervormer) se bedanking uit die NG kerk te noem: "Prof. Julian Müller van die departement praktiese teologie aan die Universiteit van Pretoria, sê Prof. Spangenberg se bedanking is vir Spangenberg sowel as vir die kerk 'n groot verlies." Tussen hakies, ook was Dr. Ben du Toit se reaksie interessant: "Dr. Ben du Toit, skrywer van die boek: God? Geloof in 'n postmoderne tyd, sê dit moet vir almal in die kerk 'n saak van groot hartseer wees wanneer so iets gebeur." (Spangenberg se bedanking lok weie reaksie - 14/06/2004 - <http://www.christene.co.za>)

Prof. van der Watt *et al* se kommentaar op Dr. Ben du Toit se boek, is dalk ook hier ter sake: "(hy) .. verwerp Bybelse perspektiewe op die bonatuurlike (byvoorbeeld die wonders, die duivel en die maagdelike geboorte). Ook dit is nie postmodernisties nie, maar modernisties. Dit kom al sedert die begin debat oor die historiese Jesus twee eeue gelede voor. Daarteenoor het die postmodernisme juis weer meer openheid ten opsigte van die bonatuurlike gebring ... Trouens, Jesus en die apostels sluit sterk by die bonatuurlike wêreldebekouing van die laat Jodedom aan (die oorheersing deur die bose magte, die wonders, die wêreldeinde, die oordeel, die nuwe aarde). Wat anders as die etiek van Jesus bly oor as dit alles verwerp word? Is dit nie ook nader aan die modernisme as die postmodernisme om dit alles te verwerp nie?" (Van der Watt JG, Joubert SJ, Du Rand J, Konig A. Te min bly oor. Kerkbode. 17/08/2001 p10.)

**Kommentaar:**

**Dit kom heel duidelik in Prof. Müller se artikels na vore dat hy 'n vreemde benadering tot die opstanding van Jesus Christus het. Ek haal aan:**

"... (die) deursnee teoloog van hulle denominasie (die PCUSA) en definitief al die dosente aan die (Colombia Theological) Seminary sal nie 'n letterlike verstaan en geloof in die maagdelike geboorte en die opstanding onderskryf nie. Ek (Muller) was stomgeslaan. - disoriëntasie/ heroriëntasie." N.a.v. onder andere bovermelde word gekonkludeer dat: (Nou is hy ) a) "Bevry van 'n eng, dogmaties-beheerde spiritualiteit. Minder skuldgevoelens en vryer om te ondersoek. b) 'n Spiritualiteit wat vry geraak het van die eng kerklike en teologiese domein. 'n Spiritualiteit waar die grense tussen sekulêr en sakraal vervaag. c) 'n Ontdekking van die verhalende en metaforiese verwoording van geloof. 'n Ontdekking dat die metaforiese herverwoording en herverstaan van sleutelkonsepte oor God, mens en wêreld, nie 'n verloëning van geloof behels nie, maar 'n verdieping daarvan". (Muller J 2003. HERVORMING EN SPIRITUALITEIT. 20/05/2003. Universiteit van Pretoria. [www.julianmuller.co.za](http://www.julianmuller.co.za).)

**2.2.5. Ongeloof?**

Die volgende aanhaling uit 'n preek van Prof. Müller is ook ter sake: "Daar is 'n groep Bybelwetenskaplikes van oor die hele wêreld wat hulle self organiseer in 'n groep wat hulle noem die Jesus Seminaar. Hulle glo dat dit vir ons moderne mense nodig is om deur middel van die beste wetenskaplike metodes so na as moontlik aan die historiese Jesus te kom - die werklike woorde en dade van Jesus. Op grond van daardie navorsing is daar van hulle wat dan hulle twyfel uitspreek oor dinge soos of Jesus regtig uit 'n maagd gebore is en of hy liggaamlik opgestaan het. Daarteenoor is daar ook Bybelwetenskaplikes wat fel reageer en sê dat die Jesus Seminaarmense se bevindinge nie werklik die toets van wetenskaplikeheid kan deurstaan nie. Dit word 'n hewige debat en ons het in die afgelope tyd standpunte na albei kante in die koerante geleë.". "Ons glo (dus) nie op grond van bewyse nie, maar op grond van die verhaal wat aan ons vertel word en wat op ons n appèl maak. Die mense wat vreeslik klem lê daarop dat alles net so letterlik gebeur het en waar is, én dié wat glo dat dit meer figuurlik en metaforiese verstaan moet word, glo

*almal op grond van die geloof wat ons ontvang het en aan ons oorgelewer is, en nie op grond van bewyse nie.” (Muller J 2000. PROTESTANTS IS OM IN JESUSTEGLOhttp://www.pvr.co.za/preke/Julian29Okt.htm)*

**Kommentaar:**

**Is die meer figuurlike en metaforiese verstaan nie eerder ongeloof nie?**

### **2.2.6. Die uniekheid van Jesus Christus**

**Kommentaar:**

‘n

**Volgende teologiese saak wat ek wil noem, handel oor hoe Prof. Müller die uniekheid van Jesus Christus verstaan. Met die oortuiging om liefdevol op te tree, word die uniekheid van Jesus ondergrawe. Op ‘n snaakse manier word ‘n teks soos Johannes 14:6 ontneem van sy Bybelse betekenis.**

Prof. Müller meen “*Ons moenie die teks so oppervlakkig lees dat dit naderhand daarop neerkom dat die enigste mense wat gered kan word, is dié wat die naam Jesus kan uitspreek nie. Marcus Borg sê: ‘If the only people who can be saved are those who know the word ‘Jesus’, salvation is dependent on syllables.’ Wanneer ons van die evangelie ‘n sisteem maak waarmee ons mense kan insluit en uitsluit en waarmee ons verklarings kan maak oor wie vir God aanvaarbaar is en wie nie, is ons huis die mense wat ons nie op die Weg bevind nie! Jesus wil ons huis help om te sterf aan onself, ook aan ons eie gewaande godsdiestige sekerhede, sodat ons met hom kan opstaan in die ware lewe.”* (Muller J PREEK: JESUS, DIE WEG, DIE WAARHEID EN DIE LEWE JOH. 14:6. 6 Oktober 2000. [www.julianmuller.co.za](http://www.julianmuller.co.za))

### **2.2.7. Ware godsdiens**

In ‘n ander artikel wat hierby aansluit meen Prof. Müller dat “.. nie maak van waarheidsaansprake nie, maar die vertel van die verhaal van Jesus met die oog op die soek na die waarheid. Die argumente oor of die Christendom nou die enigste ware godsdiens is of nie, maak nie werklik sin nie. Oor godsdiens kan niemand “objektiewe” uitsprake maak nie, net geloofsuitsprake. Dit is inderdaad die taal wat ons meestal saam met moedersmelk leer praat het. In elk van die godsdiens vind jy mense wat absoluut oortuig is daarvan dat hulle godsdiens die enigste ware een is. Ons taak is nie om met argumente hiernatoe of daarnatoe te probeer bewys nie. Al wat ons kan doen is om die verhaal van Jesus wat vir ons sin en betekenis gee, te vertel en weer te vertel.” (Muller J. Op die Punt af. Kerkbode. [www.julianmuller.co.za](http://www.julianmuller.co.za))

**Kommentaar:**

**As Prof. Müller hiermee bedoel dat ons die enigste waarheid van Jesus Christus se verhaal moet deel, dan is dit sekerlik in orde.**

Wat bedoel Prof. Muller egter met “*Ek lees een van die feministiese teoloë wat verduidelik dat as Jesus die enigste en enige inkarnasie van God is, sy dit nie kan aanvaar nie, want hy was ‘n man. Ek skrik omdat sy met haar argument my oortuig. - disoriëntasie/ heroréntasie.*” (Muller J 2003. Hervorming en Spiritualiteit. Gespreksgeleentheid: Skuilkrans, 20 Mei 2003)?

### **2.2.8. Geloofstaal**

Vervolgens sluit hierdie benarde situasie dalk baie goed aan by Prof. Johan Buitendag (Hervormde dosent) se sterk klem op die teologie van George Lindbeck. Hiervolgens is alle godsdiens nou ‘n geloofstaal waarvan die linguistiek aangeleer moet word as ‘n tipe geloofstaal. Ook kom dit heel duidelik na vore dat daar in hierdie model nie meer aanspraak gemaak kan word op die eksklusieve uniekheid van Jesus Christus nie. (vgl. Buitendag J 2002. Postliberale teologie as teologiese raamwerk vir die kerk se korporatiewe identiteit. HTS 58(1). Universiteit van Pretoria. p 1-25) Hier volg nou ‘n uittreksel uit ‘n gesprek wat ek met Dr. Daan van Wyk, kuratoriumvoorsitter van die Hervormde kerk gehad het wat bovermelde beaam:

“Ferdie: Wat my krisis met hom is, ek het dit deurgewerk, en hy kan nie meer sê, Jesus Christus is universieel, alleen, die weg, waarheid en lewe nie .. die teologie, dit is

*'n linguistiese konstruk. Waarheidsaansprake funksioneer binne gemeenskappe, en jy kan met egtheid binne jou tradisie sê "vir my", maar jy kan nie meer...*

**Dr. van Wyk:** *Dit universeel sê nie?*

**Ferdie:** *Jy kan nie. Johan Buitendag leer dit. Gaan lees sy artikel.*

**Dr. van Wyk:** *Hy sê dit tog duidelik*

**Ferdie:** *Dit is onaanvaarbaar.*

**Dr. van Wyk:** *Ek het vir hom gesê dit is 'n relativisme .." (09/06/2005)*

### **2.3. PROF. JURIE LE ROUX**

**Eerstens is dit dalk goed om te noem dat Prof. Le Roux 'n positiewe houding inneem teenoor bekende Nuwe Hervormers en "eenders denkendes."**

#### **2.3.1. Artikel oor Prof. Andries van Aarde**

So byvoorbeeld skryf hy 'n artikel oor Prof. Andries van Aarde (Hervormde dosent) se boek "*Fatherless in Galilee*", waarin o.a. die volgende staan: *Maria was 'n "hoer", Josef is 'n latere "legende"* wat bygevoeg is, *Jesus het oor 'n pa "gefantaseer"*, *"In Jesus se stryd met die gevolge van sy vaderloosheid het God sy vader geword"*, *Jesus het 'n "behoefte aan sondevergiffenis gehad"*, *Jesus se wonders was nie fisiese genesings nie maar "innerlike genesing"*, *Jesus se maagdelike geboorte is maar net 'n "Griekse tradisie"*, *Jesus het nie liggaamlik opgestaan nie eerder is dit die evangeliste se subjektiewe "opstandingervaringe" ensomeer*. Prof. Le Roux noem hierdie boek "*n hoogtepunt in die Suid-Afrikaanse Bybelwetenskap.*" (Le Roux JH 2002. Andries van Aarde se *Vaderlose Jesus*. HTS. Universiteit van Pretoria)

**Kommentaar:** Is dit "Bybelwetenskap"? Dalk is ds JM Blignaut korrek wanneer hy die volgende sê "In 1969 al het Prof. Johan Heyns in sy boek *Sterwende Christendom* (bl 166), gepraat van mense wat nie meer teoloë is nie (dit wil sê mense wat besig is met besinning oor God en sy Woord), maar godsdienswetenskaplikes (dus mense wat hulle besig hou met besinning oor godsdiens as 'n menslike verskynsel). Hy waarsku dat sulke mense uiteindelik geen God meer sal hê om aan die mens te verkondig nie en geen mense meer wat nog aan 'n god behoeft sal hê nie." (Blignaut JM, "Ben breek en bou ...?" Briewebus. Kerkbode 16/02/2001)

#### **2.3.2. Beskrywing van Prof. Pieter Craffert**

Prof. Le Roux doen ook 'n beskrywing van Prof. Pieter Craffert (lid van die Nuwe Hervorming) se boek "*Meeting the living among the dead. Burials, tombs and the afterlife*". Prof. Le Roux meen "*Craffert sluit sy boek met 'n kort besinning oor Jesus se opstanding af. Ook hier bestaan daar geen eenduidige verklaring nie en daarom sê hy: 'Given these tendencies it is worthwhile to keep an open mind with regard to the resurrection of Jesus'*" (117). *Craffert se insigte is vir ons belangrik*". (Le Roux JH 2000. 'n Elektroniese Tydskrif van die Departement Ou Testament, Universiteit van Pretoria, Pretoria, Suid-Afrika Nr 7/2000 samesteller/redakteur [jleroux1@mweb.co.za](mailto:jleroux1@mweb.co.za) ? jler/up)

#### **2.3.3. Gesprek met Prof. Le Roux**

Om bogenoemde in perspektief te plaas, is die gesprek wat ek en Prof. Le Roux op die 19de Junie 2004 gehad het belangrik. Prof. Le Roux het die volgende aan my gesê: "Vir die eerste eeuse Christene het Jesus opgestaan omdat dit deel van hul wêreldbeeld was, vandag kan ons dit nie meer so verstaan nie" (Jurie le Roux 2004. Na OTW Pentateugkritiek vraestel aan Ferdie Mulder gesê. 19/06/2004; GW 1:12; 11h30. Universiteit van Pretoria.) So twee weke voor hierdie incident het hy in die klas voor almal die volgende gesê "*Die Bybel is die produk van die gekonkel van mense.*"

**Kommentaar:**

**Baie studente was ontsteld oor Prof. Le Roux se standpunt.**

Hy sê verder “ .. my rede vorm die werklikheid .Ek maak die werklikheid, ek ken sin aan die geskiedenis toe, ek maak betekenis .. Elke eksegeet ‘maak’ die Skrif betekenisryk .. ‘n Mens het nie die vermoë om absoluut te dink nie .. Om dus absolute uitsprake oor God te maak .. is ‘n onmoontlikheid.” (Le Roux JH 2001. Geskiedenis van die Pentateugnavorsing. Deprt. Ou Testament. Universiteit van Pretoria. p 36-38)

Is

**Kommentaar:**

**hierdie nie ‘n gevaaarlike oordrywing nie?**

Prof. Le Roux het ook van hierdie insigte in die sekulêre media genoem. Een voorbeeld in ‘n onderhoud met Neels Jackson is :“Dis wreed om jou siening aan ander op te dwing, maar die ergste intellektueel kriminele daad is om dan nog te sê: ‘‘God voel soos ek voel.’’ Moenie met God smokkel nie, vra Le Roux.” (Le Roux JH in onderhoud met Neels Jackson 2000. Anti-apartheidteologie ‘uiters simplisties’ Beeld, 22/07/2000)

**Kommentaar:**

**Natuurlik moet mens die konteks van hierdie woorde korrek plaas. Maar as die uiteinde van hierdie woorde opeindig met woorde soos “die Bybel is die produk van die gekonkel van mense” dan word hier tog te ver gegaan.**

#### 2.3.4. Prof. Johan Heyns verskil met Prof. Le Roux

Prof. Johan Heyns het oor hierdie sake ernstig met Prof. Le Roux verskil. In die akademiese joernaal tydskrif “Skrif en Kerk” (nou “Verbim et Ecclesia” - Universiteit van Pretoria) van 1994, raak hul woordewisseling nogal warm! Prof. Le Roux kla Prof. Heyns aan dat hy (Heyns) die goddelike openbaring ten koste van die menslike kant ophemel. Hy meen dat die menslike kant onderspeel word “en bly bloot ‘n obstruksie en teoreties, en word nooit werklik verdiskonter nie.” Prof. Le Roux meen dat die Bybelskrywers se “foute en gebroke steeds in ‘n beter lig gestel (word) .... die skerp kantjies word gevyl en so bly die wesenlike ongeskonde; en die bonatuurlike dimensie van die Skrif gered.” Om sy punt te maak haal hy Heyns aan: “...die goddelike kontrole is in elke woord sigbaar ... alles is skerp deur die Heilige Gees gesensor .... die goddelike openbaring en inhoud bly onaantastbaar .... Heyns se Bybelskrywer is amper te goed om waar te wees.” Le Roux verklaar sy eie teologie dan gedeeltelik soos volg:

“(dit is) onmoontlik om meer van ‘n onfeilbare inspirasie te praat;

(dit is) onmoontlik om meer van die eenheid van die Skrifboodskap te praat;

...die ou gevestigde denkpatrone van die Christendom (moet) as volledig agterhaal beskou word; die kerk (kan) nie meer met outoritêre gesag sy saak stel nie, want die werklikheidservaring van die moderne gesekulariseerde mens is totaal anders;

die openbaringslig (val) nie so maklik oor die ganse kosmos nie;

soos nog nooit tevore nie word die menslikheid van die Skrif beklemtoon;

ons teologie vertoon soms iets oudmodies, iets steriels, iets van ‘n vergange werklikheid wat vandag irrelevant geword het;

kan ons nog so ongeproblematiseerd van ‘n Goddelike en ‘n menslike kant van die skrif praat?

Is dit nog moontlik om die foute in die Skrif as “nie-wesenlik” te beskou?

Daar is nie een outentieke teks wat die draer van die ware Skrifbetekenis is nie.”

Hierna kon mens agterkom dat Prof. Heyns eintlik baie onsteld was oor Prof. Le Roux se oordrewe optimisme insake sy histories-kritiese Bybelwetenskaplike hermeneutiek. Prof. Heyns meen dat “as die onaanvegbare resultate van die historiese kritiek die teoloog tot sulke standpunte (soos hierbo) lei en verplig, is dit ‘n gevaaarlike weg om te volg ...” (Heyns J 1994. ‘n Weerwoord. Skrif en Kerk. Universiteit van Pretoria.)

**Kommentaar:**

Myns insiens hel Prof. Le Roux se poging om die menslikheid van die Bybelskrywers aan te toon totaal eensydig na die menslike kant toe oor. Die gevolg daarvan is, om ‘n boek soos “Fatherless in Galilee” van Prof. Andries van Aarde aan te toon as “ .. ‘n hoogtepunt in die Suid-Afrikaanse Bybelwetenpskap.” (Le Roux JH 2002. Andries van Aarde se Vaderlose Jesus. HTS. Universiteit van Pretoria). Hierdie menslike oorbeklemtoning kulmineer uiteindelik met Prof. Le Roux se stelling “Vir die eerste eeuse Christene het Jesus opgestaan omdat dit deel van hul wêreldebeeld was, vandag kan ons dit nie meer so

**verstaan nie” (Jurie le Roux 2004. Na OTW Pentateugkritiek vraestel aan Ferdie Mulder gesê. 19/06/2004; GW 1:12; 11h30. Universiteit van Pretoria.)**

#### **2.4. PROF. DIRK HUMAN**

##### **2.4.1 Inleidend**

Prof. Human skryf: “Die opkoms van die histories-kritiese wetenskappe asook die ontwaking van die moderne literatuurwetenskappe het tot ‘n veelheid van teologiese perspektiewe aanleiding gegee. Dit het die gevolg dat tradisionele teologiese temas of kategorieë, soos byvoorbeeld God, mens, wêreld, skepping, verlossing, lyding, sonde, Jesus, Gees, ensovoorts, nie meer so uniform en eenduidig gekategoriseer kan word nie. Daar bestaan nie net een ‘prentjie’ van ‘n saak nie. Vir elke tema is daar verskillende, en soms teenstrydige perspektiewe. Hierdie situasie plaas die dogmatiese wetenskappe en Sistematiese Teologie in ‘n onbenydenswaardige dilemma. Om die veelheid van eksegetiese navorsingsresultate en teologiese moontlikhede, wat nie eers binne die Bybelwetenskappe genoegsaam verreken is nie, te sistematiseer, is ‘n onbegonne taak.” (Human D. Die Skrifvraagstuk en die Nuwe Hervorming. <http://ngdriehoek.vaal.co.za>)

**Kommentaar:**

Inleidend kan genoem word dat ook Prof. Human die histories kritiese benaderings oorbeklemtoon. Alhoewel hy in van sy artikels vra vir ‘n kombinasie daarvan met ander benaderings, is dit wat hy “koop” van eersgenoemde benadering alreeds substansieel ‘n bedreiging.

##### **2.4.2 Mites**

In ‘n artikel wat op die gemeente Driehoek se webadres beskikbaar is sê Prof. Human die volgende: “Binne die denakraamwerk van Israel was mites vreemd. Vir die monoteïstiese denke van die Jahwegeloof was mites eintlik wesens-vyandig. Maar tog is daar spore van Nabye-Oosterse mites in Bybeltekste opgeneem. Ou Testament verhale deurase om die mitiese motiewe, raamwerke en spatsels van hulle Nabye Oosterse omgewing. In hierdie sin is die mythos in die monoteïstiese en historiese denke van Israel opgeneem. Mitiese motiewe en denke is binne die Jahwe-geloof gehistoriseer en het die funksie om die alleenmag van Jahwe in die hemel en op aarde te belig. Hiervan is daar talle voorbeeld in die Ou Testament. Nuwe Testamentici sal vir ons geloofwaardig moet aantoon hoe hierdie verbande die Nuwe Testament raak en wat die funksie van sodanige motiewe is. Aspekte soos die geboorte en sterwe van ‘n god, die maagdelike geboorte, opstanding (Wolmarans 2002:63ev), Jesus wat op die wolke sal terugkeer, ensovoorts, noodsak stylvolle beredenering wat lidmate se geloof in God rig, grond en bevestig (NGB Art. 5). My vraag: sou hierdie motiewe kon deel uitmaak van die Bybelse geloofstaal om God se alleenmag in die skepping deur die lewe en werk van Jesus Christus tot uitdrukking te bring, of nie?” (Human D. Die Skrifvraagstuk en die Nuwe Hervorming. <http://ngdriehoek.vaal.co.za>).

**Kommentaar:**

Is

dit ‘n moontlikheid, volgens Prof. Human, dat “geboorte en sterwe van ‘n god, die maagdelike geboorte, opstanding” van Jesus mities kan wees?

##### **2.4.3 “Jona mite” - “Jesus mite”?**

Onderstaande aanhaling uit ‘n ander artikel van Prof. Human spel dit dalk nog beter uit:

“Die fiktiewe karakter van die Jona-verhaal asook die mitologiese raamwerk waarbinne die “opstandingsgeloof” in God tot uitdrukking kom, is heelwaarskynlik ‘n sleutel om die Tweede Testament se “opstandingsgeloof” vanuit die Jesus-gebeure te verstaan. Hierdie antieke beskrywings en voorstellingswêreld wil tot woorde bring dat God die onmoontlike moontlik kan maak: dat Hy lewe uit die dood voortbring en dat Hy reddend in sy skepsele se lewe ingryp. Hierdie voorstelling van die opstandingsgeloof sou inderdaad as ‘n hermeneutiese sleutel kan dien vir mense en kerke wat slegs die histories-letterlike opstanding van Jesus ‘n voorwaarde wil maak om die waarheid van die Nuwe-Testamentiese “opstandingsgeloof” tot uitdrukking te bring (Jackson 2004a:5; 2004b:5; Misehke 2004:2). Hierdie waarheid oor God, naamlik dat Hy die onmoontlike moontlik maak deur lewe uit die dood te laat verrys, is te onbeskryflik om werklik te verwoord. Daarom het antieke gelowiges hierdie waarheid knus verpak in die voorstellingswêreld van mitologiese beelde en metaforiese voertuie.” (Human DJ 2004. Jona

se "opstanding uit die dood": Perspektiewe op die "opstandingsgeloof" vanuit die Ou Testament. HTS 60 (1&2) Universiteit van Pretoria. P 221-238).

**Kommentaar:**

**Kom dit nie duidelik na vore dat Prof. Human in hierdie gedeelte daarop sinspeel dat Christus se opstanding dalk nie "histories-letterlik" plaasgevind het nie, en dat die opstanding in "mitologiese beelde en metaforiese voertuie" verpak is?**

**2.4.4 Prof. Gert Jordaan se standpunt**

Ek wil graag met Prof. Gert Jordaan (dosent by Noordwes Universiteit) saamstem rakende sommige geleerde: "Maar solank as wat Christene 'n werklik liggaaamlike opstanding van Jesus probeer handhaaf en verdedig, sê die geleerde, maak hulle hulself belaglik en ongeloofwaardig in die oë van die moderne wêreld." (Kerkbode 10/02/2001, P 5.)

**2.5. HERVORMDE DOSENTE**

Voornemende predikante van die NG Kerk word reeds die laaste paar jaar ook by die fakulteit onderrig deur Hervormde Kerk dosente. Ek het reeds vroeër verwys na Prof. Andries van Aarde en Prof. Johan Buitendag se standpunte.

Prof. Yolanda Dreyer (Hervormde dosent) se sieninge word weerspieël deur die volgende aanhaling: "*Die Skrif is die bron waarin die norm, die persoon Jesus, gesoek moet word. Ons moet egter nie dink dat ons Jesus het of besit, dat ons presies weet wie Jesus is (vasgevang in ons dogmas), wat Jesus gedoen en gesê het (vasgevang in die geloofsoortuigings uitgedruk in die Bybel) en wat Jesus se bedoeling was (vasgevang in ons interpretasie) nie*" (Dreyer, Y 1998. Pastorale berading aan vroue. DD Skripsie. UP. P 368).

**Kommentaar:**

Daar kan nog verskeie ander kritiese sake oor ander Hervormde dosente geopper word. Maar ek weet nou al wat die antwoord gaan wees: Ons kan niks daaraan doen nie, want hul is nie in ons kerk nie. Tog is dit nodig dat gemeentes daarvan kennis moet neem. Waarom moet ons as NG studente dan aan sulke dosente se voete sit, veral waar dit teenstrydig is met ons belydenisskrifte? Ook Dr. Graham Duncan, dosent in Kerkgeskiedenis aan UP en moderator van die Uniting Presbyterian Church of South Africa, deel Prof. Buitendag se beskouing dat Christus nie universeel uniek is nie. Dr. Duncan glo ook nie in wedergeboorte nie (Hy't dit openlik in die klas gesê).

**2.6 KURATORIUM PREDIKANTE**

Vervolgens dan oor kuratorium dominees. Onderstaande drie artikels wat in die sekulêre media verskyn het is ter sake. Kommentaar word daarna gelewer:

**2.6.1. Dr. James Kirkpatrick**

a. Die eerste artikel is 'n boekresensie deur Dr. James Kirkpatrick van Dr. Ben du Toit se boek "God? Geloof in 'n postmoderne tyd". Die artikel het in Beeld verskyn:

*"Ben du Toit het probeer om 'n boek te skryf vir mense wat probleme het met die verstaan van die Bybel. Mense wat soms 'n ongemak ervaar "om te glo en te vertrou". Hy bied dit aan as sy eie storie van glo, maar wil tog met kritiese en vraende mense in gesprek tree in die hoop dat dit hulle sal help om insig te kry in hul eie storie van twyfel en glo.*

*Teen dié tyd is dit reeds duidelik dat die boek nie oral ewe entoesiasties ontvang word nie. In die briewekolomme van Die Kerkbode sê 'n dominee dat die publikasie "pynlik" is.*

Die Kerkbode self voel "Du Toit skryf soms op 'n arglose wyse oor sommige sake wat vir baie gelowiges - en teoloë - baie naby aan die kernwaarheid lê." (Die Kerkbode, 4 Mei 2001, p. 4) Intussen is die boek ook bekroon met die Andrew Murray-prys vir godsdienstige en theologiese boeke.

Dat hierdie gehalte publikasie plek-plek pynlik ervaar sal word, is verstaanbaar. Du Toit, direkteur: kommunikasie van die NG Kerk by die Sentrum vir Kommunikasie in Kaapstad, skryf immers reguit oor die aard en status van die Bybel as voorwetenskaplike boek. Hy huiwer nie om die Bybel 'n premoderne boek te noem nie.

Meer nog, hy wys op die implikasies hiervan vir die geloofsinhoude. Dit beteken byvoorbeeld die konsep "duiwel" is iets wat tot 'n premoderne denksisteem behoort. Die naaste wat ons aan die duiwel kan kom, is om in die spieël te kyk, sê hy! Hy maak 'n sterk saak daarvoor uit dat geloof in Jesus nie berus "op die maagdelike geboorte" nie, maar op die kruisdood en opstanding.

Wat die gesag van die Bybel betref, bevraagteken hy die ou Gereformeerde argument van die sogenaamde selfgetuenis van die Skrif. Hiervolgens sou die Bybel gesag hê omdat die Bybel so sê. Du Toit vra: Hoe kan jy vir Mercedes-Benz vra of Mercedes-Benz die beste motor is?

Tog is dit vreemd om te sien hoe Du Toit, wat pleit vir 'n postmoderne verstaan van die Bybel, se eie modernistiese onderrok ook op plekke uithang.

Wanneer hy die opstanding behandel, klink dit asof hy van voor af probeer bewys dat dit regtig gebeur het. Hy gebruik die wetenskaplike teorie oor die behoud van energie om te verduidelik waarom ons aan die werklikheid van die opstanding van Jesus kan vashou. Is dit nie tipies modernisties nie? Of is dit dalk Du Toit se poging om die premoderne uitspraak oor Jesus se opstanding in postmoderne taal aan te bied?

Daar sal diegene wees wat voel dat Du Toit net moedswillig is om ou waarhede te bevraagteken. Mense wat met absolute sekerhede werk, voel ongemaklik en ervaar dit selfs as ontstellend om met standpunte soos dié gekonfronteer te word. Mense wat gemakliker is "om nie presies te weet nie" sal baie van Du Toit se formuleringe vars en bevrydend beleef.

God? Geloof in 'n postmoderne tyd maak ons bewus van die uitdaging om die goeie nuus van God se liefde vir mense in die taal van ons eie tyd te vertaal. As die kerk dit nie doen nie, gaan hy soos 'n ou tikmasjien word. Deel van die geskiedenis. Nogal bruikbaar en relevant op sy dag. Nou geskik vir die museum.

Die publikasie verdien sy status as bekroonde." (James Kirkpatrick 11/06/2001 BEELD jdkirk@mweb.co.za)

b. Die volgende artikel is deur die Beeld verslaggewer Neels Jackson geskryf n.a.v. die Noord Transvaalse sinode van 2003 waartydens twee Nuwe Hervormers die sinode toegespreek het. Dr. Kobus Gerber was toe nog die moderator van Noord Transvaal. (Hy is ook tans die voorsitter van ons kuratorium). In die artikel word na Dr. James Kirkpatrick verwys.

"Modimolle (Nylstroom). - Ná lang debatte oor die nuwe hervorming het die NG Kerk in Noord-Transvaal Donderdag opnuut sy geloof bevestig dat Jesus sy verlosser en lewende en opgestane Heer is.

Die sinode wou egter nie 'n kategorieuse uitspraak lewer oor die geskiedkundigheid van die maagdelike geboorte of Jesus se liggaamlike opstanding nie.

Die kwessies het in die brandpunt gekom nadat twee Nuwe Hervormers, Proff.. Pieter Botha en Pieter Craffert, die sinode Dinsdag toegespreek het. Hulle het vertel waarom hulle op grond van die Bybelwetenskap nie die tradisionele sienings van die maagdelike geboorte en die opstanding onderskryf nie.

Party afgevaardigdes het sterk gevoel dat die sinode moet sê mense wat nie glo dat Jesus letterlik uit 'n maagd gebore is en letterlik uit die dood opgestaan het nie, is nie gelowiges nie.

Ouderling Braam Nortjé van Mutare wou weet hoe die kerk kan sê Jesus is die verlosser as Hy nie 'n maagdelike geboorte gehad het nie.

Hier teenoor het Dr. James Kirkpatrick van die gemeente Suidoos-Pretoria gevra of hy dan vir 'n klomp mense wat ernstig worstel, moet gaan sê hulle is ongelowiges omdat hulle die ortodokse geloofstaal van die kerk nie presies kan nasê nie.

Omdat dit 'n moeilike en omstrede kwessie is, is besluit dat die sinode nie nou 'n uitspraak daaroor sal lewer nie.

Diegene wat sterk voel daaroor moet 'n goed gemotiveerde beskrywingspunt opstel en die volgende sinode sal dit dan oor twee jaar bespreek.

*Intussen het die sinode erken daar is waarde in die bevindings van die Bybelwetenskap oor die Nuwe Testament se gegewens oor Jesus. Dit kan mense se geloof verryk. Voorts skep die kerk ruimte in sy gesprek vir mense "wat gelowig twyfel en worstel met sekere geloofsaspekte en die historiese perspektiewe rondom die persoon van Jesus." (Neels Jackson 04/09/2003  
Sinode vir eers stil oor maagdelike geboorte. BEELD)*

### **2.6.1.1. Gesprek met Dr. Kirckpatrick**

Op die 18de Julie 2005 het ek die volgende gesprek met Dr. Kirkpatrick (JK) gehad:

*"Ferdie: U het 'n resensie geskryf op Dr. Ben se boek?*

**JK:** Ja

*Ferdie: En, dink u nie dat daar was enige iets daarin wat sleg kan wees vir die kerk nie? Dalk net een sinnetjie wat u daar gesit het nie?*

*JK: Ek hou nou nie so boek soos jy van elke woord wat mense sê nie, om hulle daarna daaroor aan te vat nie. Ek het probeer sê as jy na my resensie gaan kyk, gaan lees maar gerus weer, mense wat nie altyd presies die taal van die ortodoksie kan nasê nie, en tog iets van 'n verhouding met die God het. My probleem met jou Ferdie, dat ek dit maar vir jou sê is die aura dat jy weet, en ander weet nie. Jy weet ... en jy't die waarheid, en enige iemand wat van jou verskil, dwaal. Ek is 'n predikant van die NG kerk wat konfessioneel gebonde is aan die belydenisskrifte, wat nie dink ek dwaal nie, maar jy dink so. Ek dink daai gesprek moet ons met mekaar maar eerlik voer, so dis deel van die gesprek wat ons broederlik met mekaar moet hê, hoe sê ons vir mekaar dat ons sulke deeltjies van die waarheid elkeen van ons sien. Ons moet ophou met ons absolute aansprake, dat Ferdie Mulder nie daar moet staan en sê ek weet wat die waarheid is en die res van julle moet nou na my luister. Ons is almal, almal wat aan die Here behoort, kyk in 'n dowwe spiël."*

**Kommentaar:**

**Dink Dr. Kirkpatrick dat dit moontlik is om die maagdelike geboorte, wonders, en liggaamlike opstanding van Jesus te ontken, en steeds "konfessioneel gebonde .. aan die belydenisskrifte" te wees?**

### **2.6.2. Dr. Andre van Niekerk**

Die derde artikel is een van Dr. André van Niekerk se weeklikse rubriek wat Saterdae in Beeld verskyn:

*"Al hoe meer jong christene dra arm bantjies waarop "WSJD" staan. Waarskynlik is dit vanwee al die keuses wat hulle moet maak. Hulle kry 'n riglyn deur te vra: Wat sou Jesus doen?*

*Soortgelyke behoeftes het die eerste christene ook hierdie soort vrae laat vra. Bybelkenners wys dat die eerste gemeentes se behoeftes bygedra het tot die totstandkoming van die evangelies. Matteus, Markus, Lukas, Johannes, vertel elkeen Jesus se verhaal met hul eie gehoor in gedagte, terwyl hulle Jesus verkondig, gee hulle ook raad aan geneentes oor hoe Jesus die probleme wat hulle ondevind het sou oplos.*

*Die eerste christene het nie met ons moderne ingesteltheid gevra of die wonders presies net so gebeur het nie. Hulle behoeftie was om te hoor hoe maak mens met probleme.*

*Hulle het ook nie geredeneer of alles bonatuurlik kon wees, en of die broodwonder byvoorbeeld nie eerder 'n les was dat ons weggesteekte broodjies moet deel nie. Hulle het 'n aanvoeling vir simboliese taal gehad. Die 12 mandjies is Israel se getal (Markus 6) en by 7 mandjies hoor hulle die kerk se getal (Markus 8).*

*Uit die broodwonder kan mens aflei dat ons soos die dissipels geneig is tot voorstelle wat geen opoffering vra nie.*

*Ons kyk vas in wat ons nie het nie, ipv om in te sien wie die Here is, en dat Hy met ons is.*

*Die Here Jesus het die oplossing. Hy is tevreden met wat ons het. Van ons bietjies maak Hy baie. Na 'n lofgebed, deel Hy die brood en die vissies. Wat Hy gee, is uiteindelik oorgenoe. Verrassend dat die opdrag tot organisering soveel nadruk kry. Dat dit genoem is, moes 'n belangrike boodskap vir die eerste gemeentes ingehou het. Hoewel die oplossing van probleme van die Here kom het ons 'n verantwoordelikheid. Ons moet sorg vir goeie organisasie en dissiplines." (Andre van Niekerk. So maak mens. 19 Maart 2005 BEELD)*

#### **Kommentaar:**

**Dr. Ernst van Eck**, dosent van die Hervormde kerk, sluit in 'n klaslesing gedeeltelik aan by laasgenoemde artikel. Hy meen dat Markus 8 se vermeerdering van die brode nooit gebeur het nie. Volgens hom, is dit afgeskryf van Markus 6 se verhaal, om dit ook aantreklik vir die Helleniste te maak. Op die wyse kan hul dan ook identifiseer met die Evangelie. Dr. van Eck noem hierdie tipe verskynsel "gemeente -teologie". Op die 28ste Julie 2005, 12h30, het ek ook 'n persoonlike gesprek met Dr. van Eck gehad. Ek wou vir hom dankie sê vir sy onlangse artikel in HTS waarin dit vir my wou lyk dat hy glo dat die opstanding van Jesus histories gebeur het. Ek was egter verward toe hy my korrigeer met die woorde "dit het moontlik histories gebeur".

**Bovermelde drie artikels behoort vir hulself te spreek. Geen van hierdie predikante het die kerklike weg gevolg voor hul hierdie dinge in die sekulére media geskryf nie. Ook nie die dosente voor hulle nie.** Die Kerkorde sê mos "indien ek later enige beswaar of ander insig oor die leer ontwikkel, ek dit nie sal leer of bevorder voordat ek dit aan 'n bevoegde kerkvergadering vir 'n beslissing voorgelê het nie," (Niemandt N 2004. Kerkorde. p. 76). **Is dit na dese steeds onbillik om van "teologiese liberalisme en selfs dwaling" te praat?**

## **2.7. VERDERE STANDPUNTE RONDOM BOGENOEMDE**

### **2.7.1 Kritiek vanaf Prof. Johan van Rensburg**

Prof. Johan van Rensburg (dosent aan die Vrystaat) vra die vraag "Mag die teologie verkondig wat nie deur die kerk geleer word nie, of wat, erger nog, met die leer van die kerk teenstrydig is? Hier is die kern van die probleem. As die teologie sy akademiese vryheid gebruik om die leer van die kerk binne daardie bepaalde geloofs- en theologiese tradisie af te breek, ontstaan daar ernstige probleme vir beide .. Hierdie vrysinnige idee van die teologie as wetenskap is egter een van die belangrikste oorsake van die huidige krisis in die gesprek oor kerk en teologie .. In hulle steeds relevante werk, *Op weg met die teologie*, het Johan Heyns en Willie Jonker (1977) dit egter duidelik gemaak dat daar grense vir die teologie is. Die teologie is aan die Skrif gebonde en mag dus nie die Skrif weerspreek nie. Die teologie is ook deur die kerklikke konfessies ingeperk en mag dus nie in die bedryf van teologie die konfessie ondergrawe nie .." (Van Rensburg J, 17/08/2001, Kerkbode, P. 5)

### **2.7.2. Vrae oor die toekenning van die Andrew Murray prys**

Die volgende situasie is ter sake: "Die wen-boek [van die Andrew Murray prys - God? Geloof in 'n postmoderne tyd - Ben du Toit] word deur die beoordeelaars [Proff. Cas Vos (Pta), Elna Mouton (Stell), Fanie Snyman (Bloem)] beskryf as 'n 'egte worsteling met mense se eietydse geloofsproblematie. Oor God en geloof word op 'n verrassende en oorspronklike wyse nuut gedink' en geloof in die postmoderne tyd 'met vernuf en wetenskaplike onderlegtheid relevant en aktueel gemaak.' (Kerkbode 12/04/2001, P. 2) Ek wil nie hierdeur sê dat hierdie drie dosente self glo wat in Dr. Ben du Toit se boek staan nie, maar die feit dat hul legitimiteit daaraan gee is tog jammer.

In Dr. Frits Gaum se kommentaar word vermeld “.. daar is in die oorkonde gesê, Ben du Toit se boek is 'n dapper poging om ons geloof so te verwoord dat dit vir die postmoderne mens begryplik word - en dat hy en sy 'met integriteit' kan glo.” Kerkbode 05/10/2001, P. 9. Gaum F).

**Kommentaar:**

Van wanneer af glo mens met “integriteit” as jy o.a. die maagdelike geboorte ontken? Vrae word gevra oor hoe dit kan wees dat dosente dit eerstens toelaat, en dan nog bekroon met die Andrew Murray prys? Is dit “oorspronklike ... nuut dink” om die maagdelike geboorte, die twee nature van Christus, en sy histories-fisiese opstanding, totaal teen die Bybel en die belydenis in te verwerp en aan die groot klok te hang? Is dit nie bedrog wat hier plaasvind, as ek die kerkorde reg verstaan nie? Is die professore wat die wenboek bepaal het, nie ook medepligtig aan die skade wat die boek aan die kerk van die Here Jesus Christus gedoen het nie?

**2.7.3. Anonieme Student**

Kyk wat skryf 'n anonieme teologie student aan Kerkbode: “Ek glo dit is die wetenskaplike benadering tot die teologie wat besig is om die kerk op sy knieë te dwing .Ek glo dat baie dosente aan apartheid-'bomskok' ly en nou 'n heenkom vind in die postmodernisme en liberale teologie.” (Kerkbode 16/11/2001, Teologie-studente verloor geloof - Anonieme teologie-student)

**2.7.4. Prof. Jan du Rand**

Prof. Jan du Rand wys tereg daarop dat “Sommige navorsers ontken die historisiteit van die wonder, veral die wat met die natuur te doen het, soos die loop op die water en die stilmaak van die storm. Sulke gebeure word gerasionaliseer. Die genesing van siekes word verklaar as psigosomatische siektes. Verder word gesê dat Jesus niks meer vermag het as die Griekse towenaars van sy tyd nie. Daarteen moet sterk standpunt ingeneem word.” (Du Rand J 2001. So glo ons, onder redaksie van Piet Meiring, Kerkbode 7/12/2001. CUM. P 9)

**2.7.5. Prof. Jan van der Watt et al**

Proff. Jan van der Watt, Stephan Joubert, Jan du Rand en Adrio Konig se kritiek op Dr. Ben du Toit se boek “God? Geloof in 'n Postmoderne wêreld” geld dalk in die algemeen ook vir die standpunte wat in hierdie skrywe genoem word. Hul sê aan die einde van hul artikel dat “.. hy hou uiteindelik min van die evangelie oor, te min om dit nog die moeite werd te maak.” (Van der Watt J et al 2001. Te min bly oor. Kerkbode, 17/08/2001. P.10)

**2.7.6. Kuratorium vertroue?**

In die lig van bovermelde is onderstaande aanhaling van die kuratoria ter sake:

“Die onderskeie kuratoria spreek graag hulle vertroue en waardering uit teenoor al die teologiese dosente onder hulle toesig. Hierdie persone lewer 'n groot bydrae tot die effektiewe opleiding van predikante. As gelowiges wat in diens staan van die opgestane Christus, lewer hulle in hulle rol as akademici van gehalte ook 'n positiewe bydrae tot die teologiese gesprek van die dag.” (08/06/2005)

**Kommentaar:**

**Vertroue, in almal? Ten minste hier by Tukkies, weet Drr. Gerber, Niemandt (wat op die NG Moderatuur is), en ander kuratoriumlede al geruime tyd van ernstige bekommernisse oor dosente. Dit maak bovermelde verklaring moeilik begryplik.**

Hou ook in gedagte die woorde van Dr. Gerber tydens 'n kuratoriumvergadering, nadat ek hul breedvoerig ingelig het oor dwaalleer. Sy woorde was, (my parafrase) “die waarheid is altyd

*tussen mekaar. Ons kan nie absolute waarheid vind nie.”* (31/01/2005) Tydens ‘n ander vergadering meen hy (verbatim) “ek wil net sê dat die styl .. dat studente bid vir die bekering van dosente .. daar buite is ‘n kerk wat vra wat gaan aan .. julle moet nie dink dat die stories wat hier in die gange aangaan nie ook by die kerk uitkom nie .. geskinder ..” (18/03/2005)  
Tydens dieselfde vergadering het Dr. Flip du Toit gemeen dat “dit is so dat die situasie sou in ‘n sekere sin makliker gewees het as ons ‘n seminarium gehad het wat eenkant gesit het wat net die kerk beheer het .. tans ooreenkoms met kerk en universiteit ..” (18/03/2005)

Onderstaande aanhaling uit die kerkorde is dalk ook hier ter sake: “Die kuratorium hou saam met die betrokke kerkrAAD toesig oor die leer en lewe van die dosente in teologie wat bevestig of net kerklik geakkrediteer is.” (Niemandt N, 2004. Kerkorde. p. 68)

Later in hierdie skrywe word in meer detail berig oor die “kerklike pad” van die afgelope jare.

### **3. GEVOLGE VIR STUDENTE**

#### **3.1. INLEIDING**

##### **Kommentaar:**

Laat ek dit net hier duidelik maak, ek en ander student het geen probleem daarmee om blootgestel te word aan die nuutste navorsing op elke gebied van die teologie, filosofie en ander wetenskappe nie. Die teologiese wetenskap kan ‘n wonderlike bruikbare instrument wees om die kerk van die Here Jesus uit te bou. Maar dit mag nie die kerk afbreek, soos tans in sekere kontekste gebeur nie. Talle studente raak verward oor dit wat hul leer by ons fakulteit. Enkele bewyse hiervoor:

##### **3.1.1. Sakbybeltjie weggegooi**

Ek onthou in my eerstejaar, hoe ‘n student een dag na klas sy sakbybeltjie met krag teen die symuur van die lesinglokaal gegooi het en gesê het “*nou glo ek nie meer die Bybel nie*”. Ander het weer opgeskop en wanneer jy vir hul gevra het hoekom, dan was die antwoord deur die bank dat hul geloof bedreig word. Ons klas was vier en twintig toe ons begin het. Vandag is daar slegs elf studente oor.

##### **3.1.2. Doktorale proefskrif**

‘n Student skryf die volgende “.. *I became depressed by the liberal tendencies of people at the university and in the church. I often considered the prospect of quitting my studies .*”

##### **3.1.3. Bybelkunde student**

Nou die dag loop ek ‘n Bybelkunde student in die biblioteek raak. Sy moes ‘n Bybelkunde taak maak. Ek het aangebied om haar te help met haar bronne. Ons het lekker begin gesels. Oor die taak het sy baie verward gelyk. Toe ons daaroor begin gesels bars sy uit in tranе. Toe ons daaroor gesels kom dit toe dat sy besig was om haar geloof in die Bybel as Woord van God te verloor.

##### **3.1.4. Tranе van smart**

‘n Tyd terug kom ‘n student na my om dankie te sê vir ‘n praatjie wat ek gereël het. Skielik begin sy toe huil en meen dat hierdie praatjie haar kon help om haar geloof terug te kry. Toe begin sy weer bitterlik huil en vra my om te bid vir drie van haar teologie maats. Hierdie maats was glo altyd vir haar mentors wanneer sy deurmekaar was, maar glo het hul nou hul geloof totaal verloor.

### **3.1.5.      Huil saam**

Oor die jare het ek gesien hoe studente met passie met die studies begin, waarna hul mettertyd die blink in die oog verloor het. Ek is persoonlik vriende met 'n student wat so verward is, dat hy al selfmoord oorweeg het. Ek het al gereeld saam met hom gehuil en gebid.

### **3.1.6.      Selfmoord?**

'n Student skryf in sy navorsing: "*A once unshakeable perception that God is NOW HERE .. (finally ended with) .. GOD IS NOWHERE...I used to hear stories of people who started their studies as Christians and left it as atheists. I used to laugh at these impossible fictions...But somewhere along the way something happened. Something went horribly wrong. Today I no longer laugh at these stories. To be sure, I have become a character in my own impossible horror story. I would like to cry but there is no more tears left to do so. Now I am not even post-modern. I am nothing ... Even God seemed to have become a three-letter word... my world has melted. I have graduated from the faculty of mythology.*" Later skryf hierdie student dat " .. I have contemplated on more than one occasion, to commit suicide."

### **3.1.7.      Prof. Jurie le Roux se perspektief**

Professor Jurie le Roux sê soos volg :"Verder bevorder universiteitsonderrig die vorming van die intellek en nie geestelike groei nie. Sulke argumente kan studente afskrik en hulle lewenslank sku vir die teologie maak. Veral voorgraadse studente uit 'n konserwatiewe en fundamentalistiese teologiese dampkring is teologies baie broos en word maklik van die wetenskap verwreem. Hulle sukkel om rede en geloof bymekaar te bring en sal nooit lewenslank teologie wil studeer nie." (Le Roux JH, 2005. Opleiding: Voorgraadse opleiding en die vreugde van verstaan. Voordrag gelewer tydens die Teologiese Dag van die NG Kerk-vennoot aan die Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria , ter opening van die akademiese jaar 2005 - Red. 11 Maart 2005. [www.teo.co.za](http://www.teo.co.za))

#### **Kommentaar:**

Die teologiese wetenskap is nie die probleem nie. Dit is wanneer dit misbruik word om te manipuleer en "dwaalteologie" te verkondig as waarheid. Ek ken min studente wat nie graag wil weet wat Bultman, von Rad en selfs die Nuwe Hervormers glo nie. Ek verstaan Prof. Le Roux se stelling "... sukkel om rede en geloof bymekaar te bring" eerder soos volg: net soos wat olie en water nie kan meng nie, net so sal dwaalteologie en waarheid nie meng nie. Christus kon tog nie gelyk liggaamlik en mitologies opgestaan het nie.

Prof. Le Roux meen dat "n Student moet gehelp word om geestelik te groei deur middel van die toe-eiening van die teologiese wetenskap. Vir die jong voorgraadse student moet gesê word dat om jouself in die teologiese wetenskap te verloor net 'n ander manier is om God en jouself weer her te ontdek; deur jouself resloos vir die teologie te gee, beteken om God, die mens en die wêreld nuut en anders te ervaar en te verwoord." (Ibid)

#### **Kommentaar:**

'n Onlangse doktorale proefskrif, waarvan Proff. Jurie le Roux en Dirk Human die promotores was sê dat die God van die Ou Testament is dood. Hierdie proefskrif van oor die vyf honderd bladsye probeer mens oortuig dat Jahweh nie regtig bestaan nie. Is hierdie tipe teologiese wetenskap die gevolg van om jou "in die teologiese wetenskap te verloor"?

## **3.2.      ERNS MET STUDIES**

Dit is nie waar dat ek en ander nie erns maak met die teologiese wetenskap nie. Dit is ook onregverdig om ons te beskuldig dat ons uit "konserwatiewe en fundamentalistiese teologiese dampkringe" kom. Hieronder is my puntestaat van verlede jaar:

OTW 454 - OLD TESTAMENT THEOLOGY 45487PASSED WITH DISTINCTIONDCE 451 - THE MODERN THEOLOGIANS 45185PASSED WITH DISTINCTIONNTW 451 - INTRODUCTION & THEO:PAUL(1)85PASSED WITH DISTINCTIONNTW 452 - INTRODUCTION & THEO:PAUL(2)45285PASSED WITH DISTINCTIONOTW 451 - THEOLOGICAL HERMENEUTICS 45185PASSED WITH DISTINCTIONPRT 454 - EVANGELISM IN PRACTICE 45485PASSED WITH DISTINCTIONDCE 453 - TWENTIETH-CENTURY MOVEMENTS45382PASSED WITH DISTINCTIONNTW 453 - INTRODUCTION & THEO:PAUL(3)45382PASSED WITH DISTINCTIONPRT 451 - HOMILETICS(1) 45182PASSED WITH DISTINCTIONGSW 454 - THEOLOGIES O/THE 3RD WORLD 45480PASSED WITH DISTINCTIONKGS 453 - DISCUSSION WITH OTHER CHUR.45379PASSED WITH DISTINCTIONKGS 451 - CHURCH HISTORY 45178PASSED WITH DISTINCTIONPRT 453 - DEVELOPMENT OF THE CHURCH 45378PASSED WITH DISTINCTIONOTW 452 - OLD TESTAMENT STUDIES 45277PASSED WITH DISTINCTIONGSW 453 - CHURCH, THEOLOGY & CONTEXT 45375PASSED WITH DISTINCTIONKGS 454 - THEORY, PHILOS.& HISTORIGR.45472PASSDCE 454 - DOGMATICS & CHRISTIAN ETH. 71PASS([www.up.ac.za](http://www.up.ac.za))

### 3.3. EK ONTDEK DIE VERHAAL VAN PROF. ETA LINNEMAN

Prof. Eta Linneman het, nadat sy twee doktorsgrade verwerf het, honderde studente opgelei by die Braunschweig sowel as die Philips Universiteite in Duitsland. Sy was 'n getroue Bultman volgeling wat alle wonders in die Bybel ontken het. Wonderbaarlik het sy tot bekering gekom, en haar vorige standpunte laat vaar. Ook skryf sy nou boeke wat haar vorige standpunte teenstaan. Hierin sê sy byvoorbeeld “ .. I have pitched my two books *Gleichnisse Jesu*, and *Studien zur Passionsgeschichte*, along with my contributions to journals, anthologies, and *Festschriften*. Whatever of these writings I had in my possession I threw into the trash with my own hands in 1978. I ask you sincerely to do the same thing with any of them you may have on your own bookshelf.” (Linnemann E 1990. Historical Criticism of the Bible: Methodology or Ideology? Reflections of a Bultmannian Turned Evangelical. Kegel Publications. Grand Rapids. P. 20) Op hierdie oomblik word van hierdie vroeëre “dwaalteologie” werke van haar, aan ons voorgeskryf in NTW 820 deur Dr. Ernst van Eck (Hervormde dosent). Toe ek vir hom in die klas meedeel van haar “bekering” was dit vir hom nuus. Haar boek *Historical Criticism of the Bible - Methodology or Ideology? Reflections of a Bultmannian Turned Evangelical* vertel 'n hoopvolle verhaal vir alle studente wat hul geloof verloor het a.g.v. dwaalteologie.

## 4. DIE VERLOOP VAN DIE AFGELOPE PAAR JAAR

### 4.1 VERKLARING 3: “Persverklaring rakende ‘dwaalleer-brief’ van mnr. Ferdie Mulder”

“Die verklaring skep valse persepsies oor ons persoonlike standpunt rondom die opstanding en kom neer op openbare naamkending” - Aldus Proff. Dirk Human, Jurie le Roux en Julian Muller.

#### Kommentaar:

Nadat ek my BTh graad *cum laude* geslaag het, en ekstensiewe navorsing oor dosente gedoen het, is ek daarvan oortuig dat die betrokke dosente (asook Hervormde dosente) dubbelslagtig praat oor die histories letterlike en liggaamlike opstanding van Jesus Christus. Daar is ook ander sake soos die uniekheid van Jesus, sy maagdelike geboorte, wonders en die belydenisse wat hier ter sake is. Wanneer hul dan steeds die Apostoliese Geloofsbelidens Sondae bely, dan bedoel hul waarskynlik iets heeltemal anders daarmee as wat dit veronderstel te wees.

“Ons vind dit egter totaal vreemd dat sogenaamde yweraars van die christelike waarheid hierdie weg van optrede volg”

*"nêrens het mnr Mulder of enige ondertekenaar met ons 'broederlike gesprek' oor die aangeleentheid kom voer nie - dit sou tog pas"*

*"niemand het ons by die kuratorium van die kerk of by die universiteitsowerhede van dwaalleer of verkeerde optrede aangekla nie" - Aldus Proff. Dirk Human, Jurie le Roux en Julian Muller.*

**Kommentaar:**

**Om hierdie stellings te antwoord is 'n meer omvangryke verhaal nodig. Ek het die afgelope vyf jaar noukeurig boek gehou van gesprekke, e-posse en brieve. Hieronder volg 'n gedeeltelike uiteensetting van gesprekke en brieve aan kuratoriumlede, dosente en sekere ander kerkleiers. Daar is nog baie meer wat aangehaal kan word, maar tyd ontbreek om dit te doen.**

#### **4.2. GESPREKKE, BRIEWE EN KLAGTES**

Eerstens is dit nodig om te noem dat daar persone hieronder genoem word, wat hul bes probeer het om ons by te staan. Hier dink ek veral aan Proff. Hoffie Hofmeyr, Stephan Joubert, Jan van der Watt, Hennie Pieterse en Dr. Johan van der Merwe.

<b>DATUM</b>	<b>GEBEURTENIS</b>
<b>1997:</b>	<b><u>Gesprek met Prof.. Jurie le Roux:</u></b>
	Een van my teologiese vriende het my vertel dat Prof. Le Roux die volgende vir hom gesê het nadat hy by hom wou kom kla oor Prof. Dirk Human - “ .. Jesus het die Ou Testament verkeerd gebruik. Hy het nie geweet wat hy doen nie ..”
<b>2001</b>	<b><u>Bywoon van Dr. Ben du Toit se boekbekendstelling by Unisa.</u></b> Prof. Sakkie Spangenberg was seremoniemeester.

**Feb 2001: Klasgesprek met Dr. Flip du Toit:**

In die gesprek was gekla oor sekere "liberale teologie" wat as waarheid geleer word. Dr. Du Toit het beloof om daaraan aandag te gee.

**25/07/2001      Gesprek met Prof. Hoffie Hofmeyr**

**28/11/2001      Gesprek met Prof. Stephan Joubert**

**03/12/2001      Gesprek met Dr. Flip du Toit:**

Ek sou in die gesprekke altyd die hoop in my agterkop koester dat Dr. du Toit na my sou terugkom oor my deulopende klages. Dit het nooit gebeur nie.

**14/12/2001      Gesprek met Prof. Conrad Wethmar**

**2002:              Verskeie gesprekke met dosente (veral Prof. Jurie le Roux) en Dr. Flip du Toit**

Ek onthou dat ek by een geleentheid vir 'n paar ure by Prof. Le Roux se huis gaan kuier het. Ook het ons by Mug & Bean gaan koffie drink. Ook het ek hom na my huis genooi.

**16/01/2003:      Brief aan Prof. Conrad Wethmar**

“... Verder wil ek vra of dit enigsins moontlik is dat ten minste die NG studente nie by Prof. Van Aarde moet klas kry nie..” (Prof. Van Aarde ontken die maagdelike geboorte en liggaamlike opstanding openlik). In 2004 het Prof. Van Aarde die hele jaar vir ons klas gegee.

**2003: Verskeie gesprekke met dosente (ook Prof. Dirk Human, Jurie le Roux) en**

**Dr. Flip du Toit**

**Oktober 2003 Gesprek met Prof. Julian Müller na PTH 254 eksamen:**

Met die Pastorale module (PTH 254) by Prof. Yolanda Dreyer (Hervormde dosent) het ek ekstra ingesit deur haar twee doktorsgrade ook deur te werk. Na die eksamen wou ek graag 'n paar van die sake met Prof. Julian Müller bespreek aangesien Prof. Dreyer breedvoerig oor Prof.. Müller se pastorale metodiek uitgewy het in een van haar doktorsgrade. In kort het haar navorsing daarop neergekom dat Prof. Müller se narratiewe pastoraat 'n stap in die regte rigting is (veel beter as Prof. Daniël Louw se pastoraat) maar dat die steeds groot Bybelse Meta-narratief van die drie enige God te voorskryftelik en dogmaties is (Die doktorsgraad was in 1998 voltooi). Ek wou Prof. Müller se opinie op Prof. Yolanda se kritiek hoor. Hy antwoord toe dat hy intussen ook gegroei en ontwikkel het, dat hy nou van mening is dat haar kritiek geldig is, en dat hy nou meer met haar kan saamstem. Ek was besoners geskok oor sy antwoord, en dink toe dat dit sal goed wees om Prof. Julian se teologie meer breedvoerig te bestudeer voor ek tot konklusies kom. Hierna het ek verskeie wetenskaplike / media artikels van Prof. Müller bestudeer en kon nie glo dat hy toegelaat word om te sê wat hy sê as gelegitimeerde en NG dosent nie. NS. Intussen het ek toe verneem van die finale jaars wat 'n klag ingedien het teen Prof. Julian Müller.

**06/02/2004**

**Brief aan Dr. Coenie Burger:**

Geagte Dr. Coenie Sal u hierdie e pos asseblief VERTOULIK hanteer en in u persoonlike hoedanigheid lees. Ek besef dat dit ongehoord is vir 'n troep om direk met 'n Generaal te kommunikeer. Ek worstel egter al geruime tyd hieroor en hoop dat dit in orde met u mag wees Dr. Coenie. Ek is tans in my Bth 4de jaar. Ek geniet die teologiese opleiding en probeer ook my kant bring wat akademie betref. Egter is ek en van my teologiese vriende baie bekommern oor "Nuwe Hervorming" en aanverwante liberale blootstelling wat ongebalanseerd in sekere klasse plaasvind. Ons sien hoe studente hul geloof verloor. Briefe aan die dekaan en gesprekke met die kuratorium het tot op hede nikks hieraan verander nie. Ons is ook bang dat verdere beswaarmaking ons toekoms nadelig kan raak met die kuratorium. Ons wil nie opstandig wees nie. Ons wil ons graag onderwerp aan die kerklike gesag oor ons. Dit sal wonderlik wees om eendag as u weer in Pretoria isvir so 15 minute saammet u koffie te drink. Sal u asseblief hierdie brief praat hanteer en ook my naam asseblief. Baie dankie Ferdie Mulder

Geagte Ferdie Dankie vir jou brief en vir jou vrymoedigheid om met my te skakel oor die saak. Jy sal begryp dat ek nie regtig regsbevoegdheid het om in direk betrokke te raak nie. As dit jou goedkeuring wegdra sal ek graag, sonder om jou naam te noem, die saak met Dr. Kobus Gerber, die voorsitter van die julle Kuratorium wil opneem. Laat weet my hoe jy oor my voorstel voel.

Dr. Coenie, miskien moet u maar eers wag. ons het nou (weer) 'n afspraak met Dr. flip gemaak om die hele saak eers (weer) met hom te bespreek. Deels hoekom ek aan u geskrywe het, is om u in te lig oor ons worstelling. Sal weer kontak hou. Baie dankie. Ferdie Mulder

**09/02/2004**

**Brief aan NGK kuratorium:**

Ferdie Mulder

Rooiribbokstraat 297

Waterkloofrif x2

Pretoria

0181

[zettie@lantic.net](mailto:zettie@lantic.net)

012-347 6063

0822 984 284

09 Februarie 2004

Dr. Flip du Toit

Predikant vir teologiese opleiding

Kuratorium

Sinode van Noord Transvaal

Geagte Dr. Flip,

Baie dankie vir u oop deur aan ons studente vir enige behoefte aan ons kant.

Ons weet dat u 'n besonderse groot taak het om al ons studente, die kuratorium, en nog u eie gemeente se belangte op die hart te dra. Baie dankie daarvoor Dr.Flip.

Ek besef dat die samesmelting van die NG Teologie fakulteit met die Hervormde teologiese skool, en die Presbiteriane, aan die een kant 'n wonderlike ekumeniese stap vorentoe is, maar sekerlik ook uitdagings bied.

As ek korrek onthou het ek so twee jaar gelede in 'n vergadering wat u met ons jaargroep gehad het my persoonlike bekommernis uitgespreek oor sekere doserende teologiese sake.

Intussen het ek besluit om my aandag te fokus op my studies. Sederdien glo ek dat ek ook as Christen en jong teoloog gegroeи het. Hopelik het ek ook begin leer om na ander te luister, al verskil ek met hulle.

Nieteenstaande voorgemelde is daar 'n paar sake wat my na dese steeds pla. Veral die dossering van die volgende modules was vir my by tye problematies:

NTW351: Kanon& Ensiklopidie: Andries v Aarde (Hervormde kerk) ontken Christus se fisiese opstanding, maagdelike geboorte ..in o.a. sy boek "Fatherless in Galilee"

DCE 154:Etiek:Inleiding: Andre van Niekerk (NG Skuilkrans) glo in geen vaste norme nie, moet soepel wees; is ook openlik pro homoseksualisme (beoefening daarvan)

PTH254:Pastorale sorg: Yolanda Dreyer meen in haar 1998 DD skripsie dat Jesus nie Here en Christus is nie, eerder net soeke na Jesus van Nasaret (Histories Jesus), Pro homoseksualisme (beoefening daarvan)

DCE253:Seksuele etiek: Ettiene de Villiers is openlik pro homoseksualisme (beoefening daarvan)

CHS254:African Historiography: Graham Duncan (Presbiteriaan) sê openlik daar is geen absolute waarheid nie, nie eens Jesus Christus nie; Dawid & Jonathan het 'n homoseksuele verhouding gehad

Dr. Flip, ek besef dat aan 'n universiteit, mens krities wetenskaplik moet funksioneer. Ek glo ook dat dit reg is so. Ek besef ook dat daar ruimte moet wees vir 'n wye spektrum van hipoteses en teorië. Ons verwerf tog uiteindelik universiteitsgrade op internasionale standaard.

Ek voel net dat veral in voorgemelde gevalle voorkeur aan hipoteses verleen word wat ongebalanseerd en eensydig kan wees. So byvoorbeeld is alle Etiek lektors wat aan ons klas gegee het, openlik ten gunste van die beoefening van homoseksualisme. Aangaande 'n ander saak het ek verneem van die M Div II klas van verlede jaar, wat moes mediteer oor die "Nuwe Hervormers", onder leiding van professor Julian Muller.

Dit sou wonderlik wees as die inhoud van hierdie brief ter tafel gestel kan word op die volgende byeenkoms van die kuratorium. (Is sulke vergaderings ontoeganklik vir teologie studente?) Ek besef Dr. Flip dat hierdie 'n baie moeilike saak is wat met die nodige sensitiwiteit en wysheid hanteer moet word. Ek besef ook dat die kuratorium nie werklik meer beduidende insae het aangaande teologiese kurrikulering en dossering nie. Tog voel ek dat sekere situasies buitensporig hande uitruk.

Intussen gaan ek steeds doelgerig vorentoe, omdat ek glo die Here het my hier geroep. Al voorgemelde sê ek met 'n nederige gesindheid.

Baie dankie Dr. Flip vir u tyd.

Vriendelike groete,

Ferdie Mulder

NS: Die inhoud van hierdie brief het ek met geen van my klasmaats bespreek nie. Indien u die menings van ander studente ook sou wou inroep is u welkom.

Onderstaande brief is die volgende dag, 10 Februarie 2004 toe ook ingegee:

Dr. Flip,

Nadat ek aan u die brief gegee het is dit asof ek net nie tot ruste kan kom nie. Dis asof my hart nou alles wil uitkry sodat ek in vrede kan slaap.

Alhoewel my vorige brief die moeilikste gevalle uitwys, is daar tog nog 'n paar ander probleme:

Professor Jurie le Roux, wat natuurlik 'n besondere gawe van kreatiewe kommunikasie het, is vir meeste van ons 'n interessante dosent. Hy het die vermoë om dinge wat sommer vaal lyk, baie interessant te maak. Ook gaan hiermee saam 'n sagte persoonlikheid wat baie aantreklik is. (Deur die Here se genade het ek van my eerste jaar af al vir al sy modules onderskeidings gekry). Ek geniet dit altyd om met hom te gesels, selfs vir koffie na klas.

Tog voel ek om die volgende te vermeld:

Hy erken aan my dat sy sentimente by Sakkie Spangenberg en Christina Landman is. Hul het laas jaar weeklikse veraderings gehad waarin nuwe boeke deurgewerk word.

Hy ontken die uniekheid van Jesus Christus. Wanneer oor ander godsdienste gepraat word lig hy sy skouers en sê dat hy onseker is en nie 'n antwoord het nie.

Oorbeklemtoning van histories- kritiese benadering tot die Ou Testament.

Voorgemelde word soms op so 'n subtiese wyse gedoen dat dit nie dadelik merkbaar is nie.

Professor Dirk Human (deur die Here se hulp het ek 91% vir die Psalms by hom gekry) probeer altyd redelik versigtig wees. Sy sagte persoonlikheid is ook aantreklik. Tog voel ek om die volgende te vermeld:

Satan en die Hel is afgemaak as latere Nuwe Testamentiese ontwikkelings wat nie in die Ou Testament voorkom nie.

## Oorbeklemtoning van histories-kritiese benadering tot die Ou Testament

Alhoewel ek nie self al by professor Julian Muller klas gehad het nie, vertel van die ander jaargroepe my dat hy nie in die Duiwel glo nie. Daar is ook nou NG studente wat hierdie standpunt huldig wat ek persoonlik ken.

Dit is egter belangrik om te onthou dat voorgemelde sake soms op 'n baie subtiese manier aangebied word. Ek sou my voorstel dat indien hul ooit op een of ander wyse ondervra sou word oor voorgenoemde, hul waarskynlik op 'n slim manier die woorde anders sal draai dat dit beter klink. Egter was dit nie gedoen toe die sake op die tafel was in die klasse nie.

Dr. Flip, ek wil nie oorkritisies en negatief wees nie, maar voel nou beter dat ek my hart skoonmaak van wat daarop is.

Sal u asseblief hierdie sake streng privaat hanteer. Ek het besondere goeie verhoudings metveral hierdie drie professors al verskil ek met hulle. Ek sou dit ook graag so wil hou.

**Ek bly steeds positief en doelgerig besig met my studies.**

Vriendelikke groete

Ferdie Mulder

Tot vandaag toe wag ek vir 'n antwoord op hierdie briewe.

13/02/2004

## **Brief aan Dr. Kobus Gerber**

15/02/2004

## **Brief aan Dr. Coenie Burger:**

Geagte Dr. Coenie, Ek kon lekker met Dr. Flip du Toit gesels. ek het ook my bekommernisse op skrif aan hom gegee. Hy klink ook bekommerd en het beloof om dit verder te neem. Intussen geniet ek die studies en werk hard vorentoe met die Here se genade. Ek weet nie of u die artikel oor Lina Spies in INSIG van Desember 2003 gelees het nie. Professor Andries Van Aarde na wie sy verwys gee hierdie hele jaar aan ons Nuwe Testament. Ek heg dit aan: Kort uittreksel uit INSIG Desember 2003: "*Wat het haar van oortuiging laat verander? As antwoord dra sy drie boeke aan: A History of God van Karen Armstrong, Ruim geloven van C.J. den Heyer en Fatherless in Galilee van die Suid-Afrikaanse teoloog Andries van Aarde.* Veral ná die lees van laasgenoemde het sy besef dit is glad nie nodig om Christus se sogenaamde maagdelike geboorte te beskou as die oorsprong van Sy boodskap en aardse omwandelinge nie. "Ek kan Hom verstaan en..." En aanbid? "Nee. Ek kan hom verstaan en hom eer vir wat hy was en is - 'n unieke en baie besonderse mens ..." Vriendelikke groete ferdie mulder

**26/02/2004**      **Gesprek met Dr. Nelus Niemand**

Hallo Dr. Nelus, Ek sien uit daarna om u beter te leerken. Ek is tans 'n 4de jaar teologie student by Tuks. Ek het gedink u sou graag die kort artikel in INSIG van Desember 2003 wil lees aangesien professor Andries van Aarde wat hierdie jaar vir ons klas Nuwe Testament gee, opspraakwекend na verwys word. Ek sou graag u kommentaar en raad aan ons studente wil hoor. Baie dankie Ferdie Mulder Kort uittreksel uit INSIG Desember 2003: "Wat het haar van oortuiging laat verander? As antwoord dra sy drie boeke aan: A History of God van Karen Armstrong, Ruim geloven van C.J. den Heyer en Fatherless in Galilee van die Suid-Afrikaanse teoloog Andries van Aarde. Veral ná die lees van laasgenoemde het sy besef dit is glad nie nodig om Christus se sogenaamde maagdelike geboorte te beskou as die oorsprong van Sy boodskap en aardse omwandelinge nie. "Ek kan Hom verstaan en..." En aanbid? "Nee. Ek kan hom verstaan en hom eer vir wat hy was en is - 'n unieke en baie besonderse mens .." Dr. Niemand het nie hierdie brief geantwoord nie.

<u>17/03/2004</u>	<b>Brief aan NHKA Kuratorium (insake Prof. van Aarde)</b>
<u>20/04/2004</u>	<b>Gesprek met Prof. Conrad Wethmar (insake Prof. Van Aarde)</b>
<u>19/05/2004</u>	<b>Brief aan Dr. Coenie Burger</b>
<u>26/05/2004</u>	<b>Gesprek met Dr. Johan Ernst (Oos Tvl moderator)</b>
<u>03/06/2004</u>	<b>Gesprek met Prof. Jan van der Watt</b>
<u>07/06/2004</u>	<b>Gesprek met Dr. Danie Dreyer (Kuratorium lid)</b>
<u>07/06/2004</u>	<b>Gesprek met Dr. Kobus Gerber en Flip du Toit (Kuratorium):</b>

Hierdie gesprek was op aandrang van Drr. Gerber en Du Toit nadat ons studente op eie inisiatief gereformeerde en evangeliese sprekers gereel het om buite klastyd met ons te kom praat. (Dit was die gevolg van ons moedeloosheid). Baie studente het dit kom bywoon.

Notas oor die vergadering gehou insake die SEL (Studente vir Evangeliese Lering) groep:

Dr. Flip du Toit het genoem dat die kuratorium besorg is oor die moontlike verdeeldheid wat die SEL groep tot gevolg kan hê onder die studente. Verder het hy genoem dat die kuratorium aandag aan die probleme wat bestaan gee. Die totale omvang van die studente se probleme met die inhoud van die studies is nie heeltemal bekend vir die kuratorium nie en die effek op die studente sal ondersoek word. Op voorstel van Ferdie Mulder het hy saamgestem dat dit 'n goeie idee is om die hele vierdejaarsklas geleentheid te gee om oor die sake te praat.

Dr. Kobus Gerber het daarna genoem dat die kuratorium intringend kyk na die hele kursus, die samestelling daarvan, kursusinhoud en probleme wat ondervind word. Die kuratorium en of Dr. Gerber voel dat die SEL groep potensiaal tot verdeeldheidskepping en dus polarisasie kan veroorsaak. Dit moet te alle tye probeer vermy word deurdat die fakulteit 'n sensitiewe en brose gemeenskap is waarin eenheid belangrik is. In die verlede het sulke groepe probleme in die verband geskep. Die "evangeliese" naam skep probleme omdat dit dan 'n "ons" en "hulle" gevoel opwerk. Die studente wat gemoeid is met die SEL groep word versoek om sensitief te wees vir hierdie probleem en ernstig te heroorweeg oor die "hoe". Verder is gemeen dat die naam "evangelies" nie net een nie, maar 'n groot verskeidenheid van betekenis kan hê. Daarom is ook ernstige nadenke oor die naam gevra. Dr. Gerber gaan dan verder deur te noem dat 'n meganisme in plek gebring gaan word wat studente se probleme sal ondervang en wat aan beide studente en dosente beskerming sal verleen. Dit sal in samewerking met die studente opgestel word.

Verder het hy genoem dat die kuratorium kennis neem van die afgelope brieve en probleme wat genoem is. Hy het genoem dat 'n mens tog ook oop moet wees om te leer van selfs persone in die Jesus Seminaar - oor hulle insigte oor Jesus.

Ferdie Mulder het begin om sy verbintenis tot die NG kerk onomwonde te stel. Daarna het hy genoem dat ons op 'n akademies verantwoordbare wyse ons studies aanpak en probeer om goed te doen en die werk onder die knie te kry. Dit hou dan ook in om selfs voorgeskrewe werk wat sogenaamd geloofsbedreigend kan wees, steeds te bestudeer. Tog is daar reeds van die begin af probleme met die wyse hoe leerstof in sekere gevalle op eensydige wyse voorgehou word. Hy stel

ook verder dat hy graag aan die wydste teologiese strominge blootgestel wil wees. Die probleem kom egter in as 'n dosent 'n standpunt inneem wat teen die leer van die kerk is. Soms is so 'n standpunt geloofsbedreigend en kan selfs nie deur 'n mentorskap verhouding met 'n predikant genoegsaam hanteer word nie. By tye is die aanbieding in die klas met soveel charisma en oorredingsvermoë dat dit vir 'n 20 jarige student na 'n uitgemaakte saak lyk. Hy meen dat in sekere gevalle, na goeie akademiese punte, gesprekvoering in die klas en privaat met die betrokke dosent/e, van die sake tot vandag toe nie bevredigend aangespreek is nie. Probleme sluit in die oorbeklemtoning van die histories kritiese aanslag tot die Bybel en die relativering van sekere geloofswaarhede wat die kerk oor baie eue glo. Detail is reeds in vorige skrywes aan die kuratorium deurgegee. Hierdie probleme lei daar toe dat sommige studente hulle geloof verloor.

Riaan Rossouw het genoem dat hy reeds voordat hy kom studeer het, gewaarsku is teen die afwykende leringe wat voorkom in die studies - dit laat 'n mens skrik! Verder het hy gewys op spesifieke probleme wat ondervind word, bv in KGS 452 Ekumene word 'n handboek voorgeskryf waarin genoem word dat die Christendom nie arrogant op die waarheid moet aanspraak maak nie (dus nie mag aanspraak maak dat Jesus Christus die enigste weg tot redding is nie) en dat Christene by ander godsdiens moet leer! Daar word inderdaad deurentyd op 'n verskeidenheid maniere druk uitgeoefen op 'n gelowige se basiese uitgangspunte in die studies om jou van die teendeel te oortuig. Die totale omvang werk uiter negatief in op die studente se geloof en ervaring van hulle studies.

In reaksie op die voorstel dat die SEL studentegroep moet saamwerk om die probleme aan te spreek op verantwoordbare wyse, het Riaan verder genoem dat die studente eintlik nie die probleem kan oplos nie - dit is iets wat net die kuratorium kan doen. Net hulle het die mag om oor die leerinhoud te besin van die kursus en oor die dosente toesig te hou...

Al die partye was eenstemmig dat die belang van die kerk eerste moet kom en dat verdeeldheid voorkom behoort te word. Inderdaad was die gesprek baie sinvol en word met dank teenoor beide Dr. Du Toit en Dr. Gerber genoem dat hulle benadering waardeer word.

Tot vandag toe wag ons nog op 'n antwoord oor die "meganisme" wat Dr. Gerber van gepraat het. Dr. Flip het nou die dag aan my gesê dat daar tydens hierdie vergadering aan ons gesê is dat ons klagtes kan inbring. Ek verskil hiervan. Eers moes die "meganisme" in plek wees wat selfs vandag nog nie in plek is nie. Ons het mos toe alreeds vier maande terug besware ingegee?

**19/06/2004**

**Gesprek met Prof. Jurie le Roux**

Dit was hierdie dag wat Prof. Le Roux aan my gesê het dat "Vir die eerste eeuse Christene het Jesus opgestaan omdat dit deel van hul wêreldbeeld was, vandag kan ons dit nie meer so verstaan nie" (Jurie le Roux 2004. Na OTW Pentateugkritiek vraestel aan Ferdie Mulder gesê. 19/06/2004; GW 1:12; 11h30. Universiteit van Pretoria.) So twee weke voor hierdie insident het hy in die klas voor almal die volgende gesê "Die Bybel is die produk van die gekonkel van mense". Baie studente was ontsteld daaroor.

**16/07/2004**

**Gesprek met Prof. Andries van Aarde**

**19/07/2004**

**Gesprek met Dr. Gys Loubscher**

**03/08/2004**

**Gesprek met Prof. Hoffie Hofmeyr**

**23/08/2004**

**Gesprek met Prof. Hoffie Hofmeyr**

**23/08/2004**

**Brief aan Prof. Hoffie Hofmeyr:**

23 Augustus 2004

Geagte professor Hoffie Hofmeyr,

Ons as BTh 4 studente wil graag die volgende sake aan u deurgee:

Ons is dankbaar vir dosente soos self, Prof. Conrad Wethmar en Prof. Jan van der Watt wat die teologie op 'n gebalanseerde wetenskaplike wyse aan ons leer.

Ons is egter bekommert oor sekere ander dosente wat volgens ons belewing nie gebalanseerd en in ooreenstemming met die belydenisse van die kerk teologie aan ons leer nie. Van die sake wat problematies is sluit die volgende in:

Ontkenning van Jesus Christus as die unieke en enigste redder van die mensdom  
Ondermyning van die gesag en inspirasie van die Bybel (beklemtoning van die historiese kritiek)  
Openlike aanvaarding en goedkeuring van 'n homoseksuele lewenstyl  
Ons ervaar selfs by tye viktimisering wanneer ons in klassituasies, take en eksamens verskil met voorgeskrewe werk (en klasuitkomste) wat onder ander bovemelde sake insluit.  
Na byna vier jaar se studie is daar van ons wat nie meer vertroue in die kuratorium en dosenteraad het nie.

Groete

Riaan Rossouw, Dirk Coetzee, Johannes Mahne, Wickus Olivier, Quinette Le Roux, Willie Rautenbach, Ferdie Mulder, Pierre Momberg

**05/10/2004**

**Brief aan Kerkbode**

Geagte Kerkbode, Ek is ook 'n teologie student by Tukkies en wil graag kommentaar lewer op die brief "WAAROM WORD ANDER VERDAG GEMAAK?" - VUURHOUTJIE (24/09/04) My ervaring by die fakulteit is heelwat anders as die student wat die brief geskryf het. My klas is weer moeg om te hoor dat Jesus nie fisies uit die dood opgestaan het; uit 'n maagd gebore is nie; en dat die Bybel 'n samevlansing van bedrogspulle (gekonkel van mense) is. Ek voel ook of daar op my neergesien word in sekere klasse as ek sekere dinge glo (soos die liggaamlike opstanding, maagdelike geboorte, en onfeilbaarheid van die Skrif), en dan as naief en ortodoks en nog erger, as fundamentalisties op neergesien word .... In 2002 was professor Dominic Crossan (van die Jesus Seminar) die gas van een professor by Tuks. Vir 'n hele dag lank het hy verduidelik hoekom hy nie glo in Jesus as maagdelik gebore, fisies opgewek uit die dood nie, dat daar geen lewe na die dood is...ens. Weet hierdie student nie dat daar professors by Tukkies is wat gedeeltelik met Crossan saamstem oor voorgemelde sake nie? Weet hierdie student nie van studente wat nie meer kan glo dat Jesus die verlosser en redder van sondaars is nie? Ek ken persoonlik sulke studente. Groete anonieme teologie student

**18/10/2004**

**Gesprek met Prof. Cas Vos:**

Met hierdie gesprek het Prof. Vos my gelukgewens met my verkiesing tot voorsitter van Deo Gloria, die NG studente se vereniging. Ook het ek breedvoerig klagtes van die afgelope jare weer aan hom deurgegee. Teen die einde het hy genoem dat dosente ongelukkig is oor die klagtes wat by die kuratorium ingedien is en dat daar 'n geleenthed gereël moet word om te praat oor die dinge. Prof. Vos het in die verband nooit na my teruggekom nie. 'n Paar weke later op 'n Vrydagmiddag het ek Prof. Vos en Muller hoor praat oor 'n moontlike forum om die probleme aan te spreek. Toe Prof. Vos my op 'n afstand sien was dit duidelik dat hul toe skielik ophou praat en hy "sjuut" sê. Vir my wou dit voorkom asof ek dit nie mag gehoor het nie. Dalk is ek verkeerd.

**19/10/2004**

**Brief aan Dr. Coenie Burger**

**19/10/2004**

**Brief aan Dr. Flip du Toit**

**21/10/2004**

**Gesprek met Prof. Ettienne de Villiers**

**26/10/2004**

**Gesprek met Prof. Hoffie Hofmeyr**

**26/10/2004**

**Gesprek met Dr. Nicky Lamprecht**

**28/10/2004**

**Gesprek met Prof. Conrad Wethmar**

**01/11/2004**

**Gesprek met Prof. Cas Vos**

**04/11/2004**

**Gesprek met Dr. Andre Bartlett**

**10/11/2004**

**Gesprek met Prof. Hoffie Hofmeyr**

**11/11/2004**

**Gesprek met Dr. Nelus Niemandt**

**12/11/2004**

**Gesprek met Prof. Piet Venter**

**17/11/2004**

**Gesprek met Prof. Hennie Pieterse**

**19/11/2004**

**Brief aan Prof. Cas Vos**

**25/11/2004**

**Gesprek met Prof. Conrad Wethmar**

**01/12/2004**

**Ope Brief aan Moderatuur na Kerkbode gestuur (nie geplaas)**

**02/12/2004**

**Gesprek met Dr. Flip du Toit:**

Tydens hierdie gesprek het Dr. Flip my, nadat ek vir die hoeveelste keer gekla het, ingelig dat die kuratorium op hul vorige vergadering besluit het om 'n kommissie te stuur om te kom "luister" na die studente. Ek was egter ontsteld toe hy noem wie die predikante is. Ek kon nie verstaan dat huis die predikante wat "dwaalteologie" aanhang vir hierdie taak gekies is nie. Ek het gepleit vir 'n meer verteenwoordigende paneel, maar dit is geignoreer.

02/12/2004

**Gesprek met Prof. Conrad Wethmar**

21/01/2005

**Gesprek met Prof. Jan van der Watt**

01/02/2005

**Gesprek met Kuratorium:**

Ek was persoonlik by hierdie vergadering in my hoedanigheid as studente voorsitter. Toe ek die geleentheid gegee is, het ek probeer om vir die soveelste keer die krisis in ons opleiding te verduidelik. Ek het ook genoem van vorige jaargroepe wat brieue geskryf het, maar wat tot vandag toe geen antwoord gekry het nie. Van daardie studente is al predikante vandag. Daar is besluit om t.s.v. my beswaar oor die predikante op die "luister" kommissie, onveranderd daarvan voort te gaan. Die sameroeper het darem ook genoem dat hy my sal bel en dat ek al die gesprekke saam met hul kan bywoon. Hy het my nooit gebel nie. Ook het baie studente toe nie die gesprekke bygewoon nie. Hierdie "luister" kommissie het toe nie net geluister nie. Hulle het ook die gesprekke in sekere rigtings gestuur.

07/02/2005

**Brief aan Dr. Flip du Toit:**

Geagte Dr. Flip, Ek wil net hoor of daar more 'n skriba vergadering van AKTO (Algemene Kommissie vir Teologiese Opleiding) is en indien wel, of u die versoek wat ons van Deo Gloria se kant af aan u gegee het ter tafel sal kan stel. (dat die 3 fakulteite se teologie vereniging voorsitter in die toekoms welkom kan wees by AKTO vergaderings) Vriendelike groete Ferdie Hierdie brief is nooit beantwoord nie.

15/02/2005

**Klas gesprek met Prof. Dirk Human (tydens lesing)**

16/02/2005

**Gesprek met Dr. Arnold Smit (tydens lesing)**

24/02/2005

**Gesprek met Dr. Johan Marais**

07/03/2005

**Gesprek met Ds. Allen Cameron (UPCSA)**

09/03/2005

**Klasgesprek met kuratorium "luister" kommissie:**

'n Paar aanhalings van studente tydens hierdie geleentheid:

- “.. die probleme wat hier bestaan kan nie weggewens word nie. En ek dink dit moet hanteer word, en ek dink daar's 'n beduidende hoeveelheid studente wat ontsteltenisse het van hul studie.”
- “ .. En ek sê dit, daar's nog baie ander gevalle wat ek kan noem. Ook in Pentateugkritiek onthou ek na klas wat gebeur het, ek het gepraat met 'n dosent (Prof. Jurie le Roux) en toe't hy vir my gesê dat hy kan nie verstaan hoedat ons nie kan besef dat vir die eerste eeuse mense het Jesus opgestaan, dit was hulle wêreldebeld, maar ons kan nie meer vandag sê nie. Dit het gebeur en dan is daar baie ander gevalle wat ek ook kan noem. En ek persoonlik is baie ongelukkig met 'n eensydige teologiese opleiding.”
- “ .. ek voel dat ek myself nie as dislojaal hoof te ag omdat ek probleme het . Ek verwys byvoorbeeld na Prof. Jan vd Watt wat onlangs by 'n konferensie gesê het dat daar in die teologie reeds skeuring plaasgevind het oor Skrifgesag en interpretasie ... my ervaring is, dat die wêreld eintlik nou tot 'n groot mate in die kerk is, en dat dieselfde waardes in terme van relatiwiteit ook hier uitgeleef word.”

“Van ek hier ingestap het tot op hede word hierdie Boek nie vir my waaruit ek moet preek eendag .. ek word nie gebou vanuit die Boek nie. Maar alle pyle word na hierdie Boek geskiet en vlenters geskiet en dan vir my lappies gegee en ek moet uit hom gaan preek; dat dit nie meer waar is nie, dat al die goed wat genoem is, die opstanding nie liggaamlik is nie, dat daar "no absoluut truth" is nie, dat hierdie 'n "gekonkel van mense" is, word in 'n klas gesê. Mense wat hierdie goed gekonkel het en bymekaargesit het. En dan moet ek hierdie stukkie lappie vat wat stukkend is, en ek moet hom gaan preek uit geloof uit, uit oortuiging uit, met 'n ding wat stukkend is. Vir my is hy nie stukkend nie. Dit is teenstrydig met wat die kuratorium van my verwag, aan die einde van my sesde jaar, om te sê ek onderteken die belydenisskrifte... En daarom vra ek dat die kuratorium wat tussen die studente soos ek dit verstaan en die

Professore moet staan. Om te sê kom ons kyk of die opleiding reg is, en of die studente reg is. Ek vra dat die kuratorium kyk wat leer die dosente vir ons uit hulle werk. As dit ongerefommeerd is, en ons moet dit teken aan die einde van die tyd, dan moet dit aangespreek word.

Die vrydenkende hermeneutiek en beklemming, nie net aanbieding in die klas nie, maar beklemtonign in die klas is oordrewe in van die vakke.”

Ons wag nog tot vandag vir terugvoering na hierdie gesprek.

<u>16/03/2005</u>	<b>Brief aan Drr. Kobus Gerber en Flip du Toit</b>
<u>06/05/2005</u>	<b>Gesprek met Prof. Hoffie Hofmeyr</b>
<u>16/05/2005</u>	<b>Gesprek met Prof. Hoffie Hofmeyr</b>
<u>19/05/2005</u>	<b>Gesprek met Dr. Johan van der Merwe</b>
<u>26/05/2005</u>	<b>Gesprek met Dr. Johan van der Merwe</b>
<u>29/05/2005</u>	<b>Oop gesprek op RSG: Ferdie Mulder vra uit gehoor vraag</b>
<u>18/07/2005</u>	<b>Gesprek met Drr. Flip du Toit (FdT), Danie Dreyer (DD) en James Kirkpatrick (JK):</b>

‘n Paar uittreksels:

Ferdie: Ek wil net noem, ek het die Kerkorde bietjie gaan deurwerk, en op grond van die Kerkorde het ek ook tot sekere gevolgtrekkings gekom. (Aanhaling uit die Kerkorde: “*Die kuratorium hou saam met die betrokke kerkraad toesig oor die leer en lewe van die dosente in teologie wat bevestig of net kerklik geakkrediteer is. Wanneer daar 'n klag of nadelige gerugte tot hulle kennis kom, gee die kuratorium kennis daarvan aan die kerkraad waar die betrokke dosent lidmaat is of aan die kerklike liggaam wat oopsig oor die dosent uitoefen.*”)

Ek wil ‘n vraag vra, as negatiewe gerugte die rondte doen oor ‘n dosent, dan onderneem die kuratorium of die ouens om dit deur te gee aan die kerkraad waar die dosent is. Ek wil vra is dit gedoen? Was dit gedoen?

FdT: (lang stilte) Nee

Ferdie: (lang stilte) Weet u, dit was so lank terug gegee

Ferdie: Maar kan ek net vra, ek het briewe ingedien.

FdT: Jy’t gevra dit moet nie onder jou naam kom nie.

Ferdie: Dr. Flip, ‘n gerug het nie ‘n naam nodig nie. Dis al wat ek vra, ons het hoeveel gesprekke gehad, baie gesprekke, en hier is dosente by hierdie fakulteit wat vir ons gesê het hulle is gefrustreerd en daar is baie inligting wat ek nou hier kan uitgooi wat ek nie gaan doen nie, oor leerdwaling by die fakulteit en nie van gister af nie, nie van gister af nie. En ek is oortuig in my hart daarvan dat ons sit in hierdie situasie a.g.v. die onvermoë om toe die goed op tafel gekom het, dit volgens kerkordelike pad gehanteer het.

DD: ..ek dink as ek reg onthou by die vorige geleentheid (kuratorium vergadering) verlede jaar het ons eindelik ‘n prosedure vasgestel, onthou u toe ons met Prof. Conrad gesels het: as daar studente is wat besware het is dit die pad wat ons moet volg. Daai, ek dink ons moet in ons notules gaan kyk, ek dink dit is met die studente gekommunikeer. Daar is ‘n komitee aangestel, julle gaan praat met professor Conrad Wethmar, en as die probleem nie opgelos word nie, praat julle met hierdie en praat julle met hierdie. So dit is so, dis reg wat jy sê die kerkorde het sy reëlings, maar ons het ook ons interne reëlings, en daai goed is verlede jaar uitgespel. Juis n.a.v. daai brief wat julle geskryf het.

Ferdie: Het ons daai inligting gekry?

DD: Ja, ons moet in die notule gaan kyk, dis opgestel, en sover ek weet het professor?

Ferdie: Ek weet nie daarvan nie

FdT: Nee, nee nee nee, daardie inligting is nie deurgegee nie”

#### 4.3. PROF. SAKKIE SPANGENBERG EN ANDER

Graag verwys ek hier na 'n brief van Prof. Sakkie Spangenberg ('n Nuwe Hervormer) wat die woorde "inhoud en gees van ons akademiese werk" dalk sal belig:

"Beste Wilhelm

... Ek ken vir Jurie le Roux, Dirk Human en Julian Müller en kan onomwonne sê dat hulle erns maak met die wetenskaplike studie van die Bybel en die teologie. Hulle sit natuurlik op warmer stoele as ek. Die NG Kerk se kuratorium loer oor hulle skouer en hulle moet fyn trap om nie die landmyne af te trap nie ..." [www.litnet.co.za - 6 Julie 2005 - LIBERALE TUKKIE-TEOLOË (VIR WILHELM MOSTERT)]

#### Kommentaar

**Proff. Human, Le Roux en Muller is waarskynlik nie eerlik as hul meen "klink asof ons 'n dwaalleer" noem nie.** Die vroeëre besprekings oor Proff. Human, Le Roux en Muller se beskouing oor die opstanding toon duidelik dat hul wel korrek binne konteks aangehaal word. Vyf jaar in hul klasse en navorsing oor hul teologie maak dit duidelik dat hul teologisering afbrekend krities met kern belydenisse omgaan, en dat dit hul geloof wesentlik beïnvloed. Hou ook in gedagte wat Prof. Sakkie Spangenberg bedoel met "erns maak met die wetenskaplike studie van die Bybel en die teologie". Wanneer hy "wetenskaplik" gebruik, dui dit ongetwyfeld vir hom daarop dat dinge soos die maagdelike geboorte en opstanding van Jesus nie letterlik waar is nie.

By die Predikante konferensie het Prof. Johan van Rensburg (dosent aan die Vrystaat) die volgende gesê "...ek het in 'n lesing van 'n NG dosent gesit wat oop en bloot die twee nature van Christus ontken het. En dit in die openbaar." (21/06/2005)

'n Ander NG teoloog, Dr. Johan van Schalkwyk het gesê "...alles is nie 'cosher' nie en die "rooi ligte brand" insake sekere dosente". (20/06/2005)

Kyk wat skryf 'n NG proponent in sy tweede doktorsgraad by Tukkies (my vertaling): "Die student wat 'n predikant in die kerk wil word, moet 'n huigelaar word. Hy moet die belydenisskrifte onderteken, asof (dit) ... Bybels korrek geïnterpreteer is. En dit na ses jaar waartydens die student geleer word dat die belydenisskrifte nie die Bybel reg interpreteer nie."

Kom ek haal vir u die legitimasie belofte wat ook hierdie dosente en kuratoriumlede onderteken het aan:

#### 4.4. PLEGTIGE LEGITIMASIE-VERKLARING VAN DIE NG KERK

Ek, die ondergetekende, ..... oortuig van my roeping deur die Here en toegelaat tot die openbare bediening van die Woord in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, verklaar hiermee voor die Here

1. dat ek glo dat die leer soos vervat in die drie algemene belydenisskrifte en die drie Formuliere van Eenheid - naamlik die Nederlandse Geloofsbelijdenis (Confessio Belgica), die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, ooreenkoms met die Woord van God;

2. dat ek hierdie leer getrou sal verkondig en uitleef;

3. dat ek alle dwalinge wat met hierdie leer in stryd is, sal weerlê en alles in my vermoë sal doen om dit uit die Kerk te weer;

4. dat, indien ek later enige beswaar of ander insig oor die leer ontwikkel, ek dit nie sal leer of bevorder voordat ek dit aan 'n bevoegde kerkvergadering vir 'n beslissing voorgelê het nie;

5. dat ek my aan die orde van die NG Kerk sal hou;

6. dat ek, om beroep te word, volgens die Kerkorde en besluite van die Nederduitse Gereformeerde Kerk sal optree;

7. dat ek my op die uitbreiding van die Koninkryk van God sal toelê deur die bevordering van die kennis van, vertroue in en gehoorsaamheid aan die Drie-enige God;

8. dat ek myself verbind tot voortgesette teologiese opleiding.

Ek verbind my deur my handtekening tot al die voormalde.

---

Getekен te \_\_\_\_\_ op hierdie \_\_\_\_\_ dag van  
20\_\_\_\_\_

Getekен in my teenwoordigheid: \_\_\_\_\_

(Namens die Algemene Regskommissie)

(Niemandt N 2004. Die KERKORDE van die NGK. Algemene Sinode. [www.ngkerk.co.za](http://www.ngkerk.co.za))

#### Kommentaar

Kerkspiel (2004) toon duidelik aan dat die oorgrote meerderheid predikante hulself as Gereformeerde, en Evangelies beskou. Is hulle gelukkig met die wyse waarop die dosente en kuratoria wat hier ter sake is uiting gee aan hul legitimasie belofte?

#### 4.5. "LEERTUG" werk nie?

In my gesprek met Dr. Daan van Wyk, voorsitter van die Hervormde kerk se kuratorium het "leertug" ook op die tafel gekom. Dr. van Wyk het begin praat oor die destydse Prof. Geyser wat deur die kerk skuldig bevind is aan dwaalleer. Hy het o.a. die Godheid van Jesus bevraagteken. Proff. van Aarde en Pelzer wat ook genoem word, ontken o.a. die liggaamlike opstanding. Hier volg 'n uittreksel van ons gesprek:

Dr. van Wyk: "*Ferdie, ek is baie bly jy praat so openhartig .. ek moet jou net sê, ons is al jare met die goed besig. Die Geyser saak, weet jy wat daar gebeur het? ... dit het geëindig in die hooggereghof ... toe die advokaat vir hom vra, hy't die apostolocum oopgemaak en hom gevra, glo jy wat daar staan? Toe sê hy ja ... so die goed is altyd moeiliker as wat dit op die oog af lyk ... dit bly baie moeilik, en dit het elke keer met Van Aarde en met Pelzer ook gebeur ... hulle was daai tyd reg om 'n klag van dwaalleer teen Pelzer te lê. En my pa het hom gevra, woord vir woord nagelees, onderskryf jy die belydenis van die kerk soos die kerk dit sê? Toe't Pelzer gesê ja, maar. Toe sê my pa vir hom nie ja maar nie, onderskryf jy die belydenis van die kerk ongekwalifiseerd? Toe het Pelzer gesê ja. Ek bedoel as 'n ou dit sê hoe kla jy hom aan? En as ons hom aankla, dan beroep hy hom weer op die hooggereghof. En elke keer as dit by daai kritieke moment kom, dis wat Van Aarde ook doen, dan sê hy maar hy't nie 'n probleem met die belydenis nie. My pad wat ek geloop het ... ek het Van Aarde dieselfde beleef as wat jy hom beleef het.*" (09/06/2005)

Kommentaar:

Wat

sê mens na bogenoemde?

#### 4.6. STUDENTE MISLEI

**"dit blyk dat mnr Mulder talle studente mislei het in die ondertekening van hierdie protesbrief"**

Om hierdie stelling te beantwoord is meer agtergrond nodig.

##### 4.6.1. Inleiding

Ek het vroeër die jaar as voorsitter van ons studente vereniging bedank. Prof. Cas Vos het indirek druk op my uitgeoefen, wat my geen ander keuse gelaat het nie. Die hoofrede vir my bedanking was dat Prof. Vos die reg van ons ontnem het (wat vroeër goedgekeur was) om self predikante te reël om weekliks met ons te kom praat tydens die godsdiensperiode. Die dekaan het dit opgeskort. Ek het nie kans gesien om weer week na week tydens die godsdiens periode na dosente te luister wat die studente deurmekaar maak nie. Met my bedanking is die predikante wat ek alreeds vir die volgende weke gereël het, op baie kort kennisgewing laat weet dat hul nie moet kom nie. Intussen het Prof. Vos toe die volgende byeenkoms gelei en in sy boodskap verwys na Judas wat vir Jesus verloën het. Dit was duidelik dat ek die Judas vir hom was. Na die byeenkoms was daar studente wat so kwaad was, dat hul dit oorweeg het om hulle studies te staak. Ook het Prof. Vos onlangs gesê "*Kragtens die bevoegdheid aan my verleen in universitaire taal verbied ek van hierdie oomblik af alle spirituele aksies op die universiteitsterrein tensy Deo Gloria en ek en Dr. Du Toit daarvan kennis dra. Alle Christelike handelinge gaan deur Deo Gloria.*

*Dit is die gang van die fakulteit, van hierdie dag af.*" (21/07/2005) Hierdie tipe optrede herhinner my nogal aan die kontrole meganismes van die 1980's. Dosente geniet wetenskaplike vryheid, maar studente word gestop as hul NG predikante nooi om op kampus te kom praat.

#### 4.6.2. Die "Verklaring"

In die konteks van die jarelange worstelling en geen antwoorde nie, het 'n groep vyfdejaar studente saam besluit om 'n verklaring oor die opstanding (ter illustrasie van die krisis) op te stel wat na die media en dominees sou gaan. Ander sake soos die maagdelike geboorte, die uniekheid van Christus, die belydenisse ensomeer, kon ook geneem word.

In die verklaring wat ons toe opgestel het, het ek noukeurig seker gemaak dat dit binne konteks aangehaal is. Daar was selfs ander persone wat oorweeg was (om aan te haal), maar die wat gekies is, was die duidelikste merkbaar oor die opstanding van Jesus Christus. 'n Uittreksel van die verklaring lyk soos volg:

*"Ons glo dat Jesus Christus histories-letterlik en liggaamlik uit die dood opgestaan het. Ons wil verskil van beskouings wat teen dat Jesus se opstanding nie histories-letterlik en liggaamlik plaasgevind het nie. Sulle teorië behels onder andere dat Jesus se opstanding moontlik "figuurlik" (Julian Muller), "metafories" (Julian Muller), "nie letterlik" (Julian Muller), "mitologies" (Dirk Human), "simbolies" (Ben du Toit), 'n pre-moderne "wêreldbeeld" uitspraak (Jurie le Roux), en dat die opstanding nie om "historiese belang" gaan nie (Louis Jonker)."*

Daar was ook voetnotas wat die bronne aangetoon het.

Na voltooiing is dit klas toe geneem, waar studente die geleentheid gegee is om dit te ondersteun.

#### 4.6.3. Ondertekening

Studente is gevra om dit te lees en indien hul sou wou, kon dit onderteken word. Niemand is geforseer of verplig nie. Ek het ook genoem dat ons dit Kerkbode toe wil stuur en vir predikante wil deurgee. Studente was deur die bank positief en het nadat hul dit sou lees (en onthou, al die betrokke dosente se name het helder en duidelik op die Verklaring verskyn), hul name daarby gevoeg. Daar was selfs 'n paar wat gevra het of hulle nie twee keer kan teken nie. Ek het ook aan hulle gesê dat hulle nie verplig moet voel om te teken nie. Engelse studente het ook geteken nadat ek die Verklaring aan hul verduidelik het. Ek het 'n paar vriende wat nie by die klas was nie gebel, ook aan hul verduidelik, waarna hul gesê het dat ek hul name kan byskryf. Daar sou seker by uitsondering hier en daar 'n kommunikasie probleem kon gewees het. Daarvoor vra ek om verskoning aan die studente/e wat so voel. Daar was een student wie se naam per ongeluk ingeglip het, deurdat ek gesukkel het om 'n handtekening te ontsyfer, wat ek aan hom toegedig het. Ek het hom lank terug al gebel en om verskoning gevra. Dit blyk dat daar nog een so 'n geval was. Ek was onbewus daarvan. Ook was daar so twee vriende wat vooraf reeds ondersteuning aan die verklaring gegee het.

Ek is ook beskuldig dat ek die Verklaring na die tyd verander het. Ek het wel, toe ek die dokument elektronies Kerkbode toe wou stuur, al die studente se name uitgetik, asook om die name van die dosent wat onder in hakies by die aanhalings was, ook bo langs die voetnota nommertjies gesit, sodat dit maklik gelees kan word.

Niemand kan iemand verplig om 'n verklaring te onderteken nie. Niemand het my gevra of ek doodseker is dat die aanhalings in konteks is nie. Niemand het gevra om dit eers te gaan bevestig nie.

Ek het omvangryke navorsing oor letterlik elke dosent by ons fakulteit die afgelope jare gedoen. Publikasies, Kerkbode briewe, persoonlike gesprekke (gedokumenteerd) ensomeer (ook van Stellenbosch).

Daar is 'n gevoel van kammeraderie tussen ons studente. Ons het weekliks bidure, Bybelstudies, koffiedrink ensomeer gehou. Talle van die studente wat geteken het, het by verskeie geleenthede by my (as voorsitter) kom kla oor 'n wye spektrum van sake. 'n Engelse student het met die ondertekening aan my gesê dat dosente sy geloof in die Bybel as God se Woord probeer steel.

Hierdie verklaring weerspieël die reine waarheid, en niks minder as die waarheid nie. Die professore sal moet erken dat hul swart op wit en in gesprekke ambivalent oor Jesus se opstanding praat en skryf.

Ondertussen het Dr. Flip du Toit my afgeraai om aan te gaan met die verklaring. Tydens 'n oproep het Dr. Du Toit op my begin skree, waarna ek diefoon neergesit het. Ek het hom na die tyd daarvoor om verskoning gevra. Ons, ek en my vriende, het egter gevoel dat ons geregverdigd kan voortgaan. Ek het toe by die Predikante Konferensie die verklaring oorhandig aan drie dominees waarvan twee op ons kuratorium is. Ook het ek dit na die tyd aan Die Kerkbode gestuur.

Op 24/06/2004 het Dr. Flip du Toit aan studente wat die verklaring onderteken het die volgende sms gestuur: "Kennis geneem van ondertekening van Verklaring (Ferdie). Moontlike regsaksie kan volg. Kontak my dringend voggend by 0124202892 Groete Flip du Toit" Hierdie sms was aan almal behalwe aan Ferdie gestuur. 'n Vriend het dit vir my aangestuur.

Intussen het Dr. Graham Duncan die Engelse studente gedreig met skorsing en die stop van hul beurse as hul nie onttrek aan die verklaring nie. Hy't hul verder gedreig en gesê dat indien hul nie onttrek aan die verklaring nie, hulle maar tasse kan pak en huis toe gaan. Waarskynlik het Dr. Duncan self 'n brief opgestel wat hulle moes teken. Dit sê onder andere: "*We did not sign this document .. We wish to disassociate ourselves totally from criticism of the faculty lecturers ..*" (24/06/2005) Dr. Duncan het dan ook names drie van hierdie studente geteken wat toe uitstedig was.

Hierna het Dr. Du Toit onder andere die volgende aan my gestuur: "Deur jou optrede stel jy die hele samewerking van UP se Fakulteit Teologie met die Pres. Kerk in gevaar .." Een van die Engelse studente het my na die tyd om verskoning gevra dat hy onttrek het en net gesê dat hulle gedwing was. Die volgende sms is aan my gestuur "... want to mess up .. the church .. he (Dr. Duncan) threatens me under the discipline of the church. I could not argue cz I'm far home. I did what he said but Christ rose from dead" (26/06/2005, 06h30:50)

Hou in gedagte dat Dr. Flip du Toit intussen studente begin bel het en gesê het dat die Engelse studente mislei is, dat die dosente verkeerd aangehaal is, en dat Dr. Ben du Toit sê die verklaring is 'n "leuen".

Ek is van mening dat hulle wel korrek aangehaal is. Dit geld ook vir Dr. Ben du Toit. Vier NG dosente skryf die volgende oor Dr. Ben du Toit se 'opstanding': "... (daarom) is dit nie duidelik waarom Du Toit sy idee van die mens se voortbestaan na die dood (die veranderde vorm van energie) 'opstanding' noem nie. In die Bybel veronderstel opstanding tog die beëindiging van lewe, wat volgens hom onmoontlik is .." (Kerkbode, 17/08/2001) Dr. Du Toit betoog in sy boek dat hy in 'n tipe opstanding kan glo op grond van die wetenskaplike teorie van energie, wat nie tot niet kan gaan nie. Onthou ook dat hy dit sê nadat hy alreeds bepaal het dat die maagdelike geboorte onwaar is. Volgens hierdie teorie van energie, is daar niks wat tot niet gaan in die heelal nie. Om hierdie beeld te gebruik vir die opstanding van Christus, is volgens Proff. Van der Watt *et al* 'n ernstige verskralling van die Bybelse opstanding. Verskeie dominees, kerkrade en NG professore het oor baie jare in gesprek getree met Dr. Du Toit, maar tot vandag toe het hy hierdie vrae aan hom nie geantwoord nie.

Dr. Flip du Toit het studente een vir een begin bel en gesê dat die aangehaalde dosente glo wel in die opstanding, ensomeer. Ook die noem van "regsaksie" het die meeste studente afgeskrik en twee maal laat dink oor of hul nie maar moet onttrek t.w.v. hul toekoms nie.

Studente was nooit mislei nie, hulle het die verklaring ondersteun wat die waarheid weerspieël. Ek staan daarby.

Die volgende sms is deur Dr. Du Toit aan alle studente wie se name op die verklaring was, gestuur (behalwe vir Ferdie): "*Dringend: Ernstig. Talle mislei met Ferdie verklaring. Volstaan jy met onbroederlike - kerklike- waar aanval op dosente? Kontak 012-4202892/ [ngk@postino.up.ac.za](mailto:ngk@postino.up.ac.za) - F.du Toit*" Dit was afdreigende woorde en het paniek onder die studente veroorsaak.

Intussen het ons, ek en die paar vriende wat alles beplan het, besluit om n.a.v. die groot ontsteltenis die verklaring te onttrek van die media voordat dit verskyn. Ek het gebel en dit definitief betyds gestop. Kerkbode het my geskakel waarna ek gevra het dat hul eerder maar die verklaring moet ignoreer. Hierop is geantwoord "*verseker gaan ons dit plaas*".

Dit was vreemd om Saterdag se Beeld te lees. Iemand het die verklaring toe vir Beeld en Burger gegee. Dit was beslis nie ons nie! Die enigste mense wat die verklaring gehad het was Drr. Danie Dreyer, Nelus Niemand, Ben du Toit en twee ander dominees (wat ek glo dit nie vir Beeld sou gee nie) Intussen het Dr. Flip du Toit en Prof. Cas Vos hul kant rojaal in die media gestel, tot diep in die naamskending arena. Ek het regadvies ingewin en is geadviseer om nie te reageer op die kuratorium en professors se persverklarings in die media nie.

## 5. SLOT

Nou na dit alles, het die volgende in gesprekke met die kuratorium gebeur:

"Ferdie: Ek wil in murg en been 'n NG predikant word, 'n lojale NG predikant, saam met u eendag 'n gelegitimeerde in die kerk. Ek wil net sê en ..

Dr. Flip du Toit: Wat jy nou redelik verongeluk het ne?

Ferdie: Het ek dit verongeluk?

Dr. Flip du Toit: (lang stilte) Wat jy nou redelik verongeluk het." (19/07/2005)

### 5.1. AANKLAG

Twee dae later het Prof. Cas Vos en Dr. Flip du Toit tydens die weeklikse godsdiens periode voor al die studente en dosente dit baie duidelik gestel dat ek almal mislei het, dat ek bedrog gepleeg het, dat daar siviele regsaksies kan kom, dat die universiteit dissiplinêre stappe kan neem, en dat die kuratorium bepaalde aksies sal moet hanteer. Ek is intussen meegedeel dat ek op 11 Aug 2005 voor die dagbestuur van die kuratorium moet verskyn om op verskeie aanklagte te antwoord.

Vriendelike groete,  
Saam in Sy diens,

Ferdie Mulder  
[zettie@lantic.net](mailto:zettie@lantic.net)  
0822 984 284

NS. Geen predikant, teoloog of dosent wat in hierdie skrywe genoem word, het enige insae in hierdie dokument gehad nie. Studente se identiteit word doelbewus beskerm a.g.v. die trauma en onsekerheid waaraan hulle vandag nog aan ly.